

GOD SE SORG IN OPENBARING



Soos 'n Herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie. - Jesaja 40:11.

INHOUD

- | | |
|---|-------|
| 1. Voorwoord | p. 3 |
| 2. Die vurk in die pad | p. 5 |
| 3. Die smeltkroes wat kom | p. 6 |
| 4. Die sewe seëninge in Openbaring | p. 10 |
| 5. God se sorg in Openbaring | p. 18 |
| 6. Deur vuur beproef | p. 64 |
| 7. Die groot tyd van benoudheid soos
deur Christus se bruid onthou | p. 67 |
| 8. Die Kerk oorwinnend | p. 71 |
| 9. Wie lei my | p. 74 |
| 10. Opsommend en gevolgtrekking en
Wat sê dit vir ons van Jesus | p. 75 |

VOORWOORD

Die wêreld snel voort na die Tweede Koms van Christus, maar in plaas daarvan om in gretige afwagting te wag, is baie van God se volk bevrees. Hulle vrees die vervolging en lyding van die laaste dae. Manne en vroue van die Bybel het vooruit na Christus se Tweede Koms met onuitspreekbare blydschap gekyk. Hoekom wag moderne gelowiges nie met sulke blydschap op Christus se koms nie?

Ons konsentreer op ons vermoë om tot die einde te volhard in plaas daarvan om by Christus se oneindige krag om ons te beskerm stil te staan.

Satan gebruik sake soos die toestand van die afgestorwenes, Sabbat en Sondag, vals herlewings, spiritisme en die Nuwe Wêreldorde en die ondersoekende oordeel om die mensdom te verwar.

Ons moet fokus op ons liefdevolle Verlosser wat begeer om vir ewig by ons te wees en aan ons Sy goddelike beskerming te ontvou. God se volk het niks om te vrees nie. En hoe meer ons van God se liefde en karakter leer, hoe meer sal ons wil hê dat Hy vir ons moet terugkeer.

Die gees van profesie sê: "God het geopenbaar wat in die laaste dae moet gebeur, sodat Sy volk kan voorbereid wees om teen die storm van opposisie en wraak te kan staande bly. Hulle wat teen die gebeure voor hulle gewaarsku is, moet nie in kalm afwagting sit en hulleself troos dat die Here Sy getroues in die dag van probleme sal beskerm nie. Ons moet soos mense wees wat op die Here wag, nie in ydele verwagting nie, maar in ernstige werk, met onwankelbare geloof.

Terwyl die mense slaap, is Satan ywerig besig om sake so te reël dat die Here se volk nie barmhartigheid en geregtigheid sal ontvang nie. Die Sondagbeweging baan sy weg in duisternis gehul. Die leiers verswyg waaroor dit werklik gaan en baie wat by die beweging aansluit, sien nie vir

hulself waarheen die onderstroom vloei nie. Hulle verklaring is gematig en oënskynlik Christelik, maar wanneer hulle sal spreek, sal dit die gees van die draak openbaar.

Ons, as Christene, het nie die werk voltooi wat God aan ons opgedra het nie. Ons is nie gereed vir die stryd waartoe die afdwinging van die Sondagwetgewing ons sal bring nie.

Dit is ons plig, soos ons die tekens van die naderende gevaar sien, om tot aksie oor te gaan. Ons doen nie die wil van God as ons in rus, stilte en vrede sit en niks vir die saak van God doen nie.

Wat moet ons doen?

Laat daar ernstige gebede wees en laat ons dan in harmonie met ons gebede werk. Dit is nou dat ons onself en ons kinders onbevlek van die wêreld moet hou. Dit is nou dat ons ons kleeed van karakter moet was en moet wit maak in die bloed van die Lam. Dit is nou dat ons trots, hartstogte (drifte) en geestelike luiheid moet oorwin. Dit is nou dat ons moet ontwaak en 'n vasberade poging tot 'n goedgebalanseerde karakter moet maak."- *History of Redemption*, 1500.

Ons is naby die einde van tyd!

Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. - Heb. 3:7,8,15.

VERTAAL EN SAAMGESTEL DEUR:

dr. Hans Koen

Berg-en-Dal Slot 6

Lemoenkloof, Paarl, 7646, Tel. 021 872 8756 of 076 689 9246.

E-pos: estellie@telkomsa.net

DIE VURK IN DIE PAD

Komende Krisis



Komende Christus

WAAR BEHOORT ONS TE BEGIN

Om reg te begin is krities. Het jy al ooit by 'n vurk in die pad gekom?

Dit is verskriklik as iemand die tekens verander het en jy snel vir kilometers op die verkeerde pad voort! 'n Vurk in die pad wag op jou wanneer jy by die studie van laaste-dae gebeure kom. Een sê: "Komende Krisis" die ander: "Komende Christus." Die eerste sê wat is aan die kom, die tweede, Wie is aan die kom.

Dit is nie goed genoeg om al jou tyd aan die krisisgebeure te spandeer en die goeie nuus van Christus se wederkoms slegs aan die einde van die storie in te bring nie. Teen daardie tyd sal baie van vrees versteen wees. Die probleem met baie lidmate is dat hulle tot oor hulle ore in hulle eie krisis is en voel lus om te skree wanneer hulle hoor dinge sal vererger.

Maar wat van die ander pad? As daardie pad net Christus is, mag jy net sowel die lewe en leringe van Jesus eerder as finale gebeure bestudeer.

Terwyl dit waar kan wees, hoef dit nie die geval te wees nie. As jy die "Komende Christus"-pad neem, hou jy jou oë op daardie finale gebeurtenis

gefokus en *kyk na al die ander gebeure in die lig van Christus se wederkoms*. Almal stort met Christus se wederkoms in duie. Hy beweeg soos 'n reuse stoomroller in en vergruis hulle tot stof. Die blydschap van Sy wederkoms plaas hulle in perspektief.

So nou is die tyd om ons intellektueel deur Bybel te lees in die waarheid te vestig en ons in die waarheid geestelik deur gebed te vestig. Laasgenoemde beteken om die Een wat die Waarheid, Jesus Christus, is te leer ken en lief te hê. Want Hy het gesê: **Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.** - Joh. 17:3. Ons moet baie meer tyd spandeer om oor Jesus te peins as oor die krisis.

"Die gees van profesie sê dat baie die voorbereiding wat so nodig is, verwaarloos en wag vir die 'tyd van verfrissing' en die 'laat reën' om hulle geskik te maak om in die dag van die Here staande te kan bly en om in Sy teenwoordigheid te leef. O, hoe baie is daar in die tyd van benoudheid sonder 'n skuilplek. Hulle het die nodige voorbereiding verwaarloos." - *Early Writings*, p. 71.

DIE SMELTKROES WAT KOM

Ons kan begin om na die volgende teksgedeeltes te kyk in verband met die smeltkroes wat kom:

Daniël 12:1 - *En in die tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op die tyd nie; maar die tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan.*

Matt. 24:9-13 - *Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my*

Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

Matt. 5:11,12 gee 'n ander insig: Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

Openbaring 2:10 - bemoedig ons: Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.

Dit is interessant om daarop te let dat elkeen van die verse twee dele het: Die voorspelling deur God dat vervolging sal kom en dan die belofte van God se sorg vir die gelowiges.

Toe Jesus na die toekoms gekyk het, het Hy gesien hoe Sy geliefde dissipels moeilikhede en vervolging sou ly, het Hy gesê: **Onthou die woorde wat Ek vir julle gesê het: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg.** - Joh. 15:20. Jesus het verskriklik aan die hand van Sy skepsels gely. So, as ons ly, is ons in uitstekende geselskap, omdat Jesus vir ons gely het.

Hoekom laat God smeltkroes ervarings toe

'n Aantal redes kan genoem word om die goeie kant van smeltkroes ervarings te sien. In werklikheid boemerang dit op Satan terug as gevolg

van die positiewe effek wat dit op hulle wat dit ontvang en hulle wat daarvan getuig het. Let op die volgende positiewe resultate:

Karakterbou

God, in Sy groot liefde, wil in ons die kosbare genade van Sy Gees ontwikkel. Hy laat toe dat ons hindernisse, vervolging en ontberinge ondervind, nie as 'n straf/vloek nie, maar as die grootste seën van ons lewens. Elke versoeking weerstaan, elke vervolging dapper gedra, gee ons 'n nuwe ondervinding en laat ons vorentoe gaan in die taak van karakterbou.

'n Getuie vir die wêreld

By elke geleentheid wanneer vervolging plaasvind, maak hulle wat dit meemaak 'n beslissing vir Christus of teen Hom. Onlangse televisieuitsendings van verhore het die aandag van miljoene aangegryp. Dit lei tot gratis lugtyd vir God.

Om God se genade te openbaar

Deur swaarkry en vervolging word die heerlikheid - die karakter - van God in Sy uitverkorenes geopenbaar. Dit moes vir die toeskouers baie duidelik gewees het dat God se genade met die martelare wat gemartel en doodgemaak is, was. Baie, in plaas van vloek en skree, het gebid of gesing, terwyl hulle sterf.

Om ons in 'n plek van diens of seën te plaas

Deur toe te laat dat Johannes na die eiland Patmos verban word, het die Here Sy dissipel in 'n posisie geplaas waar hy die kosbaarste waarhede vir die inligting van die kerke kon ontvang. Nooit het hy soveel van die Here geleer nie. Nog nooit het hy sulke verhewe waarhede gehoor nie.

Om die evangelie te versprei

Mense het 'n neiging om in kolonies te vergader. Maar die Here begeer dat Sy mense oor die wêreld versprei sal word. Hulle moet nie koloniseer nie. **Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.** - Markus 16:15. Maar wanneer die smeltkroes ondervindinge werklik oor ons losbreek, sal die ware skape die ware Herder se stem hoor. Selfopofferende pogings sal aangewend word om die verlore nes te red **en baie wat van die kudde weggedwaal het, sal terugkom om die groot Herder te volg.** Die mense van God sal dan saamtrek en 'n verenigde front teen die vyand vorm. - Ellen White: *Maranatha*, 202. Die ware Christen sal rotsvas staan, sy geloof sterker, sy hoop helderder as in die dae van voorspoed. - Ellen White : *The Great Controversy*, 602.

Vorbereidings vir die smeltkroes

Slegs die krag van God sal ons deur die beproewinge wat voor ons lê, lei. Nogtans kan ons voorberei deur Sy raad aan ons te volg. Ek het 'n aantal punte gevind wat ons aanmoedig om te volg:

Bestudeer God se Woord

Die Bybel bevat so baie beloftes wat ons behoort te memoriseer en persoonlik moet toe-eien.

Spandeer tyd met God in gebed

Gereelde gemeenskap met God sal ons in staat stel om 'n verhouding met Hom in stand te hou. Die hoofstuk oor gebed in *Skrede na Christus* is baie behulpsaam. "Wat was die sterkte van hulle wat in die verlede vervolging gely het t.w.v. Christus? Dit was eenheid met God, eenheid met die Heilige Gees, eenheid met Christus. Dit is hierdie kameraadskap met die Redder wat God se mense in staat gestel het om tot die einde te volhard."


Ontwikkel eenheid en kameraadskap met medegelowiges

Heb. 10:25 sê: Laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

God se beloofde beskerming

Ons kan daarop reken dat God ons liefhet, maak nie saak wat nie. Hy sal ons na die koninkryk van heerlikheid deursien. Herlees die stories van Daniël, Gideon, Jonathan, Elia en Elisa. God het ons die beloftes in Sy Woord gegee om toe te eien. So 'n belofte vind ons in Jesaja 41:10: **Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.**

DIE SEWE SEËNINGE IN OPENBARING 1*



In die boek Openbaring is daar sewe seëninge/saligsprekinge:

- **Geseënd is dié een wat die woorde van hierdie profesie lees, en dié mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan (1:3).**
- **Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe (14:13).**
- **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoof te loop en die mense sy skande sien nie (16:15).**
- **Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is (19:9).**
- **Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het (20:6).**
- **Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem (22:7).**
- **Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan (22:14).**

Vervolgens gaan ons na elkeen van hierdie seëninge afsonderlik kyk.

1. **Geseënd is dié een wat die woorde van hierdie profesie lees, en dié mense wat dit hoor en ter harte neem (1:3).**

Hierdie verwysing dui op die openbare lees van die boek in 'n kerk opset. Die woord vir "geseënd" in Grieks is "Makarios" (gelukkig). Dit is dieselfde woord wat deur Jesus in die bergpredikasie gebruik is (Matt. 5:3-12). In die Nuwe Testament beteken die woord veel meer as net gelukigheid in 'n wêreldse sin. Dit verwys na die diep, innerlike blydschap van hulle wat lank gewag het op die verlossing wat deur God beloof was en wat nou begin om die vervulling daarvan te ervaar. Die gelukkiges is uiters gelukkig.

Die woord **geseënd** in die Bybel beteken die uiterste gelukkigheid van die ontvangers van die evangelie. In die lig van die feit dat die getal "sewe" 'n belangrike rol in Openbaring speel, dui op goddelike volledigheid en totaliteit. Dit is daarom blykbaar geen toeval dat daar sewe seëninge in die laaste boek van die Bybel is nie. Hulle suggereer dat die volle seën aan elke Christen beloof is.

Terwyl die lees en die hoor van die profesieë baie belangrik is, word die volheid van die seën in die besonder op hulle wat die boodskappe **ter harte neem**, aangekondig. Lees en hoor is natuurlik 'n voorbereidende noodsaaklikheid, maar om die waarskuwings ter harte te neem en om die leringe/oproepe wat in die profesie vervat is te gehoorsaam, is die noodsaaklike lewenswyse waarsonder alle lees en hoor waardeloos is.

Jesus sê: **Nog meer bevoorreg is hulle wat die Woord van God hoor en dit onderhou.** - Luk. 11:28. Gelukkig inderdaad is die kerk/persoon wat die Woord van God en die getuienis van Jesus ernstig opneem, **want die eindtyd is naby.** Die beskrywing van die eindtyd en die finale gebeure in die boek Openbaring is inderdaad baie skrikwekkend. Maar die laaste boek van die Bybel is 'n konstante herinnering aan God se volk dat Jesus Christus is en sal altyd met hulle wees, selfs tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 20:28).

2. Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe (14:13).

Die tweede van die sewe seëninge van Openbaring belowe 'n spesiale versekering aan hulle wat uithou en lojaal aan Christus tot heel aan die einde bly. Wanneer Christus se volgelingen as gevolg van hulle geloof en lojaliteit aan God sterf, lyk dit dikwels na 'n tragedie. Alhoewel, hulle dood word in Openbaring as **rus** beskryf. Hierdie rus van Christus se volgelingen staan in skrilte kontras met die hartseer realiteit van die volgelingen van die sataniese drietal wat **dag en nag geen rus het nie**

(Openb. 14:11). God se getroue diensknegte, inteedeel, word **rus van hulle arbeid** belowe. Die Grieks dui aan dat die arbeid waarvan hulle rus, is nie slegs goeie, harde werk nie, maar eerder arbeid tot die punt van moegheid/vermoedheid en uitputting. Rus is veral soet na uitputtende, harde werk. Hierdie is dieselfde rus wat in die toneel van die vyfde seël beloof is aan die martelare onder die altaar wat gesterf het, omdat hulle aan **die woord van God en die getuienis van Jesus vasgehou het** (Openb. 6:9).

Dit suggereer dat **arbeid** in Openbaring 14:13 verwys na die toewyding van God se eindtyd gelowiges in belang van die verkondiging van die evangelie waarvoor hulle ontbering en vervolging tot die dood toe gely het (kyk Openb. 12:11). Hulle rus van hulle arbeid, maar **hulle werke volg met hulle**. Die **werke** hier verwys waarskynlik na die oorblyfsel se gehoorsaamheid aan God in die onderhouding van Sy geboeie en die geloof in Jesus (Openb. 14:12). Hulle volharding is agter die rug en hulle rus onder God se wakende sorg tot die uur van die opstanding en komende heerlikheid. Dit is hoekom Christene met dié woorde aangemoedig word: **Wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.** - 1 Kor. 15:58.

3. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou (Openb. 16:15).

Die kaptein in beheer van die tempel in Jerusalem het sy rondtes van die grense gedurende die nag gedoen om te sien of die lede van die tempelpolisie, wat die tempel bewaak, hulle plig doen. As enigeen aan die slaap betrap was, was sy klere afgestroop en verbrand en hy was nakend in skande weggestuur. Hierdie gebruik mag 'n bietjie lig op die betekenis van die teks werp.

Hy nie kaal hoof te loop en die mense sy skande sien nie. Naaktheid in die antieke wêreld was as erge vernedering beskou. Jesaja roep uit: **Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, my in die mantel van geregtigheid gewikkel (61:10).** Die wit klere van verlossing is blykbaar, sowel huidige realiteit as toekomstige belofte. Om in wit klere geklee te wees is om gered te wees van die vernederende posisie van naaktheid en die skaamte/skande van sonde. Klere is belangrik vir God se eindtyd volk gedurende die slag van Armageddon: **Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoof te loop en die mense sy skande sien nie.** - Openb. 17:16.

Om 'n kledingstuk om 'n naakte persoon te sit was om sy skaamte/skande te bedek (Luk. 15:22). Om in fyn linne geklee te wees, aan die ander kant, was as 'n teken van groot eer beskou (vgl. Gen. 4:42; 2 Kon. 25:29; Ester 6:6-11; Dan. 5:29).

4. Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is (19.9).

Hierdie seëning bring die woorde van die man wat saam met Jesus aan tafel was in gedagte: **Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God.** - Luk. 14:15. Jesus het gepraat van baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele. - Matt. 8:11. Hierdie vreugdevolle banket bevestig die vervulling van Jesus se belofte aan Sy dissipels by die laaste avondmaal: **Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader.** - Matt. 26:29. Johannes het opdrag gekry om hierdie seëning neer te skryf om God se volk daaraan te herinner dat alhoewel hulle ontbering en lyding mag

ervaar, is hulle geseën omrede die uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam.

Om vir Johannes, sowel as die lesers van die boek, van die sekerheid en betroubaarheid van hierdie seëning te verseker voeg die engel 'n verklaring by: **Dit is die woorde van God, en hulle is waar.** God se volk word hier voorsien van 'n plegtige bevestiging van die gewisheid dat die uitnodiging na die bruilofsmaal van die Lam die onfeilbare woord van God is.

5. **Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het (20:6).**

Hulle wat deel het aan die eerste opstanding word geseënd en heilig verklaar. Hulle is geseënd, omdat hulle nie aan die tweede dood onderworpe is nie. Die tweede dood is die ewige dood wat die goddeloses in die vuurpoel ervaar (Openb. 20:14-15). Dit herinner aan die belofte wat aan die oorwinnaars in Smirna gegee was dat hulle nie deur **die tweede dood getref [sal] word nie.** - Openb. 2:11. Diegene wat deel is van die eerste opstanding is geseënd en heilig, want hulle **sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.** - Openb. 20:6. Individueel is God se volk konings en priesters deur verlossing gemaak. Gedurende die millennium dien hulle as konings en priesters kollektief vir die doel van beoordeling. Hier is die vervulling van Christus se belofte aan die oorwinnaars dat hulle saam met Hom op die troon sal sit (Openb. 3:21).

Ons weet min uit die teks omtrent die aktiwiteite van die verlostes gedurende die millennium. Volgens Openbaring 20:4 beoefen hulle regspraak. Jesus het Sy dissipels belowe dat wanneer hy op die troon van Sy heerlikheid in die koninkryk sit, sal hulle ook **op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer.** - Matt. 19:28. Paulus het aan

die Christene in Korinthe geskryf dat eendag **die heiliges die wêreld sal oordeel**. - 1 Kor. 6:2. Hier is die vervulling van wat voorspel is. Die heiliges word nou as dienende regters en priesters gedurende die millennium gesien. Dat hulle as priesters dien, beteken dat hulle in die onmiddellike teenwoordigheid van God is. Dit was gesuggereer dat die verlostes God se handelwyse met die verlostes sal ondersoek en die geleentheid sal hê om antwoorde op al die vrae omtrent die regverdigheid van God se beslissings te vind. Dieselfde begrip word deur C. Mervyn Maxwell so uitgedruk: "Funksionierend in hulle dubbele hoedanigheid sal hulle 'n beslissende rol in die groot-stryd proses speel. Hulle sal tot hulle ewige tevredeheid bevestig hoe ernstig en geduldig God vir die verlore sondaars omgee het. Hulle sal begryp hoe onverskillig en hardkoppig sondaars Sy liefde verag en verwerp het. Hulle sal ontdek dat selfs oënskynlik gematigde sondaars in die geheim lelike sondes vertroetel het, eerder as om die waarde sisteem van hulle Here en Verlosser te aanvaar." - *The Messages of Revelation*, 500.

6. **Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem (22.7).**

Weer eens herhaal Christus die nabyheid van Sy koms: **Kyk, Ek kom gou** (vgl. Openb. 3:11; 22:12,20). Omdat hy binnekort kom, moet die woorde van Openbaring ernstig ter harte geneem word. Elke geslag van God se volk moet in voortdurende verwagting van Christus se ophande synde koms leef. Die profesieë van Openbaring was nie gegee om 'n mens se nuuskierigheid omtrent die toekoms te bevredig nie, maar om God se volk te vermaan tot standvastige en onwankelbare lojaliteit aan Christus in die aangesig van verdrukking en vervolging soos hulle die spoedige koms van Christus afwag. Aan almal wat die profetiese woord ter harte neem, word 'n spesiale belofte gegee: **Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem**. Hierdie is die sesde seëning in

Openbaring en dit herhaal Openbaring 1:3. Dit is nie voldoende om net met die inhoud van Openbaring bekend te wees nie. Ons moet daarvoor nadink. Voor die wederkoms van Christus, sal daar 'n groot misleiding wees en hulle wat die waarskuwingsboodskap van Openbaring ter harte neem, sal teen daardie misleiding behoed word.

7. Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan (22:14).

Hierdie teks praat van hulle wat die reg het om die stad binne te gaan en hulle wat daarvan uitgesluit sal wees. Hierdie is die sewende en laaste seëning van Openbaring.

Die klere in die bloed van Christus gewas, is die voorwaarde om in die nuwe Jerusalem te lewe. Hierdie begrip pas netjies in die konteks van die lering van Openbaring, sowel as die hele Nuwe Testament. Die rein en fyn, helder blink klere is **die regverdige dade van die gelowiges** (Openb. 19:8). Jesaja roep uit: **Ek is bly oor die Here, ek juig oor my God, want Hy het my gered, vir my oorwinnaarsklere aangetrek.** - Jes. 61:10. Die was van die klere en hulle witmaking is slegs deur die bloed van Christus tot stand gebring (Openb. 7:14). Slegs hulle wat in die bloed van Christus gewas is, het toegang tot **die boom van die lewe** en kan **deur die poorte die stad ingaan**. Die verlossing van God se volk en hulle toegang tot die nuwe Jerusalem is die resultaat van wat Christus vir hulle gedoen het, eerder as wat hulle vir hulself gedoen het.

In Sy laaste verklaring aan hulle wat sy wederkoms afwag, bied Christus Sy genade: **Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.** Johannes sluit sy boek deur God se volk te herinner dat te midde van al die verwarring en vrese betreffende die dinge wat binnekort oor die wêreld gaan kom, hulle enigste hoop in die genade van God is. Sy genade is vir hulle genoeg. Die finale gebeure in die boek mag vreesaanjaend en die

toekoms duister wees, maar God se volk het die versekering van Christus se teenwoordigheid met hulle (Matt. 28:20). Dit is deur Christus se genade dat die boodskappe van Openbaring aan die kerk gegee was. Hierdie genade word aan elkeen wat die boodskappe ter harte neem, belowe. En dit is deur Christus se genade, dat die beloftes van Openbaring 'n werklikheid sal word wanneer God se getroue volk die hemelse stad bereik. Daar sal hulle met Christus dwarsdeur die ewigheid regeer.

1. Ranko Stefanovic: *Revelation of Jesus Christ*.

GOD SE SORG IN OPENBARING 2*

[Die Drie-eenheid en die heilige engele.]

In Openbaring 1:5 staan: *Van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het en die Owerste oor die konings van die aarde*. Met hierdie drie titels beskryf Johannes wie Jesus werklik is. Eerstens, Hy is die geloofwaardige getuie. In die evangelie van Johannes word Sy hele lewe as 'n getuie vir die waarheid van God beskryf (Joh. 3:11, 32-33; 8:13-14). Jesus het vir Pilatus gesê: *Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig*. - Joh. 18:37. Hy het Sy getroue getuie met Sy dood aan die kruis verseël; sodoende was Hy die eerste martelaar. Alhoewel, Jesus is die eersgeborene uit die dood of die eersteling van die opstanding (1 Kor. 15:23). Op grond van Sy opstanding het Hy, die herrere en verheerlikte Christus, die Heerser oor die konings van die aarde geword.

In die versoekingstorie was Jesus deur die duivel na 'n hoë berg geneem en Hom al die koninkryke van die aarde en hulle heerlikheid gewys. Die duivel het vir Jesus gesê dat die koninkryke van die aarde aan hom oorgegee is (Luk. 4:6) en Hom 'n ooreenkoms aangebied: *Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid*. - Matt. 4:8-9; Luk. 4:6-7.

Jesus het hierdie kompromis van die hand gewys. Die heerskappy oor die "koninkryke van die aarde" wat die duiwel Hom aangebied het in ruil vir aanbidding, het Jesus vir Homself deur Sy dood aan die kruis en Sy opstanding verkry. Nou regeer Hy op die hemelse troon as die Here oor die heelal (Openb. 3:21). Dit was na Sy opstanding dat Hy verklaar het: ***Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*** - Matt. 28:18. Die manifestasie van daardie gesag was in werking gestel toe die Vader ***Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.*** - Efesiërs 1:20-21.

Die Ou Testamentiese agtergrond vir hierdie drie titels - ***die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het en die owerste oor die konings van die aarde*** - is blykbaar in Psalm 89:27 en 37 van die Griekse Ou Testament. Hierdie drie titels identifiseer Christus as die vervulling van al die Ou Testamentiese beloftes en verwagtinge. Kragtens die geloofwaardige getuienis in Sy lewe op aarde, die opstanding en Sy magtige heerskappy in hemelse plekke is Jesus Christus alles wat God se volk nodig het, in die besonder soos die geskiedenis tot sy einde kom.

Nadat Johannes Jesus aldus geïdentifiseer het, gaan hy voort met 'n beskrywing wat Jesus doen. Wat nou volg, is in werklikheid 'n antieke lied van lofprijsing vir die magtige daade van God (vgl. Rom. 11:36; Judas 24-25; Openb. 5:13). Die lofprijsing is wat Christus ten behoeve van Sy volk gedoen het: ***Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.***

Christus se drie aktiwiteite is in ooreenstemming met sy drie titels wat alles ter wille van Sy volk is. ***Uit liefde vir ons*** beteken soos die Griekse teks aandui, dat Jesus ons voortdurend liefhet. Vervolgens bied Johannes

'n tweevoudige bewys van Christus se voortdurende liefde vir Sy volk. Eerstens, die Een wat ons liefhet, **het ons deur sy bloed van ons sondes verlos**. 'n Verandering van tyd kom hier voor. Die Grieks praat van een handeling wat in die verlede voltooi is toe, deur Sy bloed aan die kruis, Christus ons vir eens en vir altyd van ons sondes verlos het. Maar, Hy het ons altyd lief. Met ander woorde, wat aan die kruis gebeur het, was een onbaatsugtige handeling in die tyd wat 'n uitdrukking van Christus se voortdurende liefde vir ons was.

'n Ander bewys van Christus se ewigdurende liefde vir Sy volk is dat Hy **ons sy koninkryk gemaak [het], priesters vir God sy Vader**. Dit is die status wat die verlostes in Christus as 'n resultaat van hulle verlossing van sonde het. Hulle is nie alleen deel van Sy koninkryk en Sy onderdane gemaak nie, maar hulle is ook as konings saam met Hom aangestel en deel Sy priesterlike ampsbediening uit hoofde van hulle identifisering met Sy dood en opstanding. Soos met Israel in die Exodus, so word die Nuwe Testamentiese volk van God altyd deur Christus liefgehê en van die knegskap van sonde verlos en konings en priesters vir God gemaak.

'n Basiese verskil bestaan egter tussen die boodskap aan antieke Israel en wat aan die kerk gegee was. Die toekomstige belofte aan Israel, **Jy sal vir My 'n koninkryk van priesters wees**, is aan die Christene gegee as iets wat alreeds in die verlede plaasgevind het. Die volgelinge van Christus was alreeds 'n koninkryk van priesters gemaak (vgl. Openb. 5:10). Dieselfde idee word in 1 Petrus 2:9 uitgedruk: **Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God**. Dit is as gevolg van Christus se ewigdurende liefde en die groot verlossing uit die knegskap van sonde, dat Sy volgelinge alreeds tot die glorieryke status van **'n koninkryk van priesters** verhoog is. Volgens Paulus is Christene met Christus opgewek en sit saam met Hom in die hemelse plekke in Christus Jesus (Ef. 2:6). **Julle**

is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. - Ef. 2:19. God se geredde volk is alreeds in die hemelse plekke verhef, deelnemende met Jesus in Sy heerlikheid, alhoewel hulle teenswoordig in hierdie wêreld moet lewe. In teenstelling hiermee word na diegene buite die goddelike genade voortdurend na verwys as **die bewoners van die aarde** (vgl. Openb. 6:10; 8:13; 11:10; 13:8,14; 14:6).

Die feit dat 'n Christen 'n burger van die hemel is, skep 'n konstante bewus wees dat hierdie wêreld nie sy of haar tuiste is nie (vgl. Fil. 3:20). Die *Sewendedag Adventiste Bybel-kommentaar* verduidelik: Verbondenheid aan jou land lei jou om lojaal te wees. Waar jy ook al mag lewe, sal jy jou op 'n wyse gedra wat die goeie naam van jou land sal eer. Gedagtig aan die soort lewe wat ons verwag om in die hemel te leef, dien om ons in ons lewe op aarde te rig. Die reinheid, nederigheid, sagmoedigheid en liefde wat ons veronderstel om in die lewe hierna te beleef, behoort hier benede gedemonstreer te word. Ons handelingte moet openbaar dat ons burgers van die hemel is (vol. 7:172).

Alhoewel hulle steeds op die aarde is, laat hierdie verbasende liefde die verlostes voel en lewe soos konings en priesters wat in hemelse plekke woon. Korporatief is hulle 'n "koninkryk" van God - mense verenig in Christus as die Kerk van God in hierdie wêreld. Individueel is hulle priesters. Soos die priesters in die Ou Testament het hulle onmiddellike toegang tot God. Sy teenwoordigheid gee die volgelinge van Christus hoop vir die toekoms. Soos die geskiedenis van hierdie wêreld vinnig tot sy einde nader, mag hulle altyd kom met **vrymoedigheid na die genadetroon**, sodat hulle **barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.** - Heb. 4:16.

As gevolg van Christus se voortdurende liefde, Sy gawe van vryheid van die knegskap van sonde en die nuwe glorieryke status as 'n koninkryk van

priesters waartoe Hy Sy volk verhef het, is Christus waardig **om heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid** te ontvang. Dit is wat lofprijsing aan God alles in die Nuwe Testament behels. Wanneer die mense beseft en verstaan wat Christus vir hulle gedoen het, reageer hulle spontaan met 'n lofpsalm (vgl. 2 Tim. 4:18; Heb. 3:21; 1 Pet. 4:11; 2 Pet. 3:14, Openb. 7:10). Hier in Openbaring is die lofprijsing 'n antwoord van die verlostes vir Christus se ewigduurende liefde vir Sy volk waardeur aan hulle vryheid van sonde geskenk is en tot 'n glorieryke status in Hom verhef is. Volgens Openbaring 14:7 is dit presies wat eindtyd mense aangespoor word om te doen: **Vrees God en gee Hom eer**. Om God te eer en te prys is 'n rede om te bestaan.

Wat 'n grootse begin vir die boek Openbaring! 'n Mens sal sekerlik met Jon Paulien saamstem:

“Die boek Openbaring is nie slegs 'n openbaring wie Jesus Christus is nie, maar dit is 'n openbaring wat ons word wanneer ons met Hom verenig. So glorieryk as wat Jesus is, kan ons deel hê in daardie glorie as ons maar net kies om ons lewens met Hom te verenig. Die boek Openbaring is bo alles 'n grootse oproep om nie voortdurend op die dinge van die wêreld te fokus nie, om nie vasgevang te wees in die hartseer en die moeilikhede van hierdie wêreld nie, maar om ons oë op te hef om Jesus in hemelse plekke te sien, om te sien dat ons met Hom in hierdie hemelse plekke verhef is. Wanneer ons hierdie nuwe status wat ons in Jesus het, sien, dan kan ons werklik opgewonde raak om Hom te prys en werklik opgewonde raak om Hom te dien.” *The Bible Explorer*.

† In Openbaring 1:9-20

Wanneer God se diensknegte ontmoedig en verwerp voel, deur “baie waters” omring, het hulle die teenwoordigheid van die verheerlikte Christus en Sy woorde van versekering: “Moenie bevrees wees nie! Ek het

die demoniese magte oorwin. Ek is met julle altyd". Die demoniese magte kan dreig om ons lewens skade aan te doen en ons laat ly, maar Jesus het die sleutels. Die dag sal aanbreek wanneer Dood en Hades, alreeds oorwonne vyande, hulle finale verwoesting in die poel van vuur sal ervaar (Openb. 20:14).

Die verheerlikte Here wandel steeds in die midde van Sy kerk. Hy praat vandag met Sy eindtyd Kerk deur die Openbaring van Jesus Christus. Hy vertoon Homself aan Sy volk op verskillende wyses, skenk aandag aan probleme in hulle verskillende lewenssituasies en behoeftes. Hy ontmoet hulle waar hulle nou is, soos Hy die Christene van daardie sewe gemeentes in die provinsie van Asië in Johannes se tyd ontmoet het.

Die sterk oproep van die boek Openbaring aan Christene vandag is om die Here se weg in die verkondiging van die evangelieboodskap aan die wêreld te volg. Dit is daarom die heilige plig van die Kerk om Jesus Christus - Sy karakter en bediening - op so 'n wyse voor te stel dat dit mense ontmoet waar hulle is. Die simboliese voorstelling van die Kerk as die sewe-armige kandelaar dui aan dat die Kerk die volle ondersteuning van die Heilige Gees het en 'n groot taak om uit te voer. Die eerste taak is om die lig vir die wêreld te wees - om Jesus in woorde en daede te verkondig. Deur die Kerk, vandag, ontmoet Christus mense met aspekte van Homself wat met hulle eie lewensomstandighede ooreenstem en aan hulle individuele behoeftes verwant is. Die Kerk is die enigste lig waardeur Jesus skyn. Vir die Kerk om in haar rol te misluk is om die rede vir haar bestaan te verloor; haar lamp sal verwyder word (vgl. Openb. 2:5; Matt. 5:16).

Die belofte aan die oorwinnaars in Smirna (2:10-11)

Diegene wat getrou bly sal die **lewe as kroon** kry; dit wil sê, hulle sal nie die tweede dood ervaar nie. In Openbaring beteken die tweede dood die totale uitwissing van die goddelose (20:14); dit staan in teenstelling met

die ewige lewe. Vir die getroues is die fisiese dood tydelik; dit is soos 'n slaap en, as sodanig, beteken dit niks vanweë die hoop van die opstanding. Dit is die tweede dood wat behoort gevrees te word - ewige dood waaruit daar geen opstanding sal wees nie. Jesus het Sy volgelinge gewaarsku: ***Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.*** - Matt. 10:28. Kragtens Sy dood aan die kruis en opstanding het Jesus die mag van die dood verbreek. Hy is die Een wat ***die sleutels van die dood en doderyk het.*** - Openb. 1:18.

Hy lewe vir ewig ten behoeve van Sy volk. Die getroues sal die kroon van die ewige lewe ontvang en, daarom, sal hulle nie deur **die tweede dood** (Openb. 20:6), wat vir die goddeloses gereserveer is, leed aangedoen word nie (Openb. 20:14;21:18).

Oproep om na die Heilige Gees te luister. Die boodskap aan die kerk in Smirna is steeds van toepassing op Christene wat onder lewendruk of die druk van vyandigesindheid en onregverdigheid gebuk gaan. Dit is vir diegene wat mag bevrees wees, omdat hulle die swaarkry wat kom, vrees. Jesus se raad aan hulle is: ***Hou op vrees! Ek is in beheer. Daar is niks in die lewe of in die dood, in tyd of ewigheid, niemand en niks, wat julle van My liefde kan skei nie*** (Rom. 8:38-39).

Die belofte aan die oorwinnaars in Pergamum

Aan die wat tot inkeer kom, word 'n drievoudige belofte gegee: hulle sal die verborge manna gegee word, 'n wit steen en 'n nuwe naam daarop gegraveer. Die dag is aan die kom wanneer hulle wat getrou is en weier om aan heidense feeste deel te neem, sal deel hê in 'n fees van hemelse voedsel - **die verborge manna - brood van die engele** (Ps. 78:25), wat slegs vir die oorwinnaars wat kompromie verwerp het en aan Christus se naam vasgehou het, gereserveer is. In die plek van die Romeinse

sertifikaat, sal hulle 'n wit keursteen met 'n nuwe naam daarop geskrywe as die beloning ontvang, omdat hulle getrou en lojaal aan Christus gebly het.

'n Nuwe naam in die Bybel staan vir 'n persoon se nuwe verhouding met God (vgl. Gen. 17:5; 32:27; Jes. 62:2; 65:15; Openb. 14:1). 'n Wit keursteen met 'n nuwe naam daarop geskrywe, gee die oorwinnaar die reg tot die spesiale voorreg om aan die "bruilofsmaal van die Lam" in die hemelse stad met die Wederkoms deel te hê. **Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam.** - Openbaring 19:9.

Oproep om na die Gees te luister. Die situasie van die Christene in Pargamum wys duidelik dat dit heeltemal moontlik is om 'n volgeling van Christus onder verskriklike omstandighede te wees. Christene word uitgenooi om die lewe van 'n "getroue getuie" te leef waar die lewe hulle geplaas het. As hulle in "Pergamum" is, waar Satan se invloed en mag die sterkste is, dan moet hulle daar leef en demonstreer dat hulle volgelinge van Christus is wat self "die getroue getuie" was.

Christus se boodskap aan Filadelfia (3:7-13)

Omdat die inwoners van Filadelfia **die woord van my lydsaamheid bewaar het**, gee Jesus hulle die versekering dat Hy met hulle sal wees en hulle in die uur van beproewing teen die einde van die wêreld beskerm: **Ek sal jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.** - Openb. 3:10. Die frase **die bewoners van die aarde**, verwys deurgaans na die goddeloses (6:10; 8:13; 11:10; 13:8,14; 14:6; 17:8).

Die vraag is of Christus belowe om Sy getroue volk van, of gedurende daardie tyd van beproewing te bewaar. In Sy voorbidding het Jesus gebid: **Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U**

hulle van die Bose bewaar. - Joh. 17:15. In die boek Openbaring is die verskriklike uur van beproewing die tyd wanneer die laaste plaë uitgegiet sal word op die bewoners van die aarde, naamlik hulle wat die merk van die dier eerder as die seël van God aanvaar het (Openb. 16). Dit lyk of hierdie teks suggereer dat God se getroue volk nie van die aarde af verwyder sal word wanneer die oordele van God uitgegiet word nie. Christus belowe om met hulle te wees en hulle gedurende daardie uur van beproewing te beskerm (vgl. Dan. 12:1).

Die belofte aan die oorwinnaars (3:12). Jesus belowe om die oorwinnaar in die kerk in Filadelfia 'n **pilaar in die tempel van My God** te maak. In 1 Tim. 3:15 is **die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.** Die metafoor om 'n pilaar in die tempel te wees gee die idee van stabiliteit en permanensie. Die getroue oorwinnaars word ewige sekuriteit in Christus belowe, **en hy sal daar nooit weer uitgaan nie.**

Hierdie oorwinnaars ontvang ook 'n ander belofte: ***Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam.*** Die vervulling is in Openbaring 21:2 en 10 beskryf. Diegene wat die naam van God het, behoort aan God en is onder Sy beskerming (Openb. 22:4). Verder, die naam van die nuwe Jerusalem sal op die getroues geskryf word. Volgens Esegïel sal die naam van die nuwe stad **Die Here is daar!** wees (48:35). In die nuwe Jerusalem sal die oorwinnaars die ewigdurende teenwoordigheid van God ervaar: ***Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon en hulle sal sy volk wees; God self sal by hulle wees as hulle God.*** - Openb. 21:3.

Oproep om na die Gees te luister. Selfs al het God se volk min krag, plaas Hy genadiglik voor hulle 'n deur van geleentheid. Die vyande van God en Sy volk kan probeer om daardie deur te sluit, maar Jesus besit die

sleutel tot die hemelse skatkamer. Wanneer Hy 'n deur open, is niemand in staat om dit te sluit nie. Hy is in beheer. God se volk, alhoewel swak, moet vashou wat hulle het, daardie vonk van hulle getrouheid, vertrouende op God en Hom toelaat om in hulle en deur hulle te werk. Op hierdie manier sal niemand in staat wees om hulle kroon van hulle af weg te neem nie.

Laodicéa: 'n Kerk herstel en oorwinnend

Johannes die Doper, volgens Jesus, was om alles te herstel. Dit is ook die werk van God se laaste-dae Elia. In die Grieks van die evangelie skrywers beteken 'herstel' "om terug te bring na 'n vorige toestand van gesondheid." Dieselfde Griekse woord (apokathistemi) word ook in 'n gedeelte gevind wat Christus se genesing van 'n man se verdorde hand beskryf. In gehoorsaamheid aan Christus se bevel het die geteisterde man sy hand uitgesteek, **en dit is herstel, gesond soos die ander een.** - Mattheüs 12:13.

Die geestelike implikasie van die woord "herstel", met verwysing na Johannes se bediening, is dat God toesig gehou het oor 'n herstelling en vernuwing van Israel se verbreekte en versteurde verbondsverhoudings met Hom. 'n Genesing van hulle diep geestelike wonde deur Satan toegedien. Hierdie genesing het 'n herstelling van die volk se verstaan en waardering van suiwer Bybel-waarhede betrek. Johannes se verstaan van die essensie van God se verbond met Israel het hom gelei om Jesus as die Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem, te verkondig. Sy sentrale doel was om mense se aandag op hierdie Lam te vestig en hulle aan te moedig om met Hom verenig te word. Dit was die direkte kanaal na herstel vir almal wat die boodskap aanvaar het. Johannes se werk was om die mense van sy tyd te help om Jesus as die Verlosser te aanvaar. Die enigste Een wat hulle siele kon vernuwe.

Johannes se sending openbaar die noodsaaklike werk van God se laaste - dae Elia-beweging. Jesus kom. Hy wil dat ons vir daardie gebeurtenis reg wees. Sonder die regte soort voorbereiding wat ons siele vernuwe, deur ons deelagtigmaking aan die waarheid in al sy innerlike krag en waarde, sal Christus se wederkoms as die dag van ons verdoemenis weerklink eerder as verlossing.

Slegs 'n herstelde lewe kan effektief 'n boodskap van vernuwing verkondig. Tensy die waarheid, wat ons probeer verkondig, ons eie lewens vasgryp, transformeer en besiel, sal dit klink soos 'n onwaarheid vir hulle wat ons hoor. Soos 'n gelykenis in die mond van 'n dwaas, sal die boodskap van huidige waarheid vermink en verdraai uitkom, tensy dit ons lewens getransformeer het. Kontrasteer Spreuke 26:7,9 met Lukas 3:4,5. Die Here se wens vir ons is om lewende briewe te word - beliggamings van Sy Woord en voorbeelde van Sy karakter. Slegs so kan ons herbouers wees van paaie om in te wandel.

Maar in Openbaring openbaar Christus dat die einste mense wat aangestel is om hierdie sending uit te voer onrusbarend ongeskik is daarvoor. Hy praat met die Kerk in die sluitingseeu, die een waarin die Elia-boodskap met woorde van spesiale waarskuwing, berisping, raadgeewing en wekroep voltrek moet word. Hy spreek ook woorde van bemoediging aan hulle wat op Hom ag gee (kyk Christus se brief aan Laodicéa, Openb. 3:14-22).

Ons gaan 'n kort oorsig van daardie brief in sy praktiese strekkings gee. Ons sal in die besonder fokus op die ryk ewangeliese inhoud van die boodskap aan Laodicéa. Na alles, wat ook al Christus aan Sy volk sê, handel altyd oor die ewangelie in een of meer van sy aspekte. Ten minste is dit waar terwyl die deur van hoop oop is, soos dit in Laodicéa was. In verband met hierdie oorsig, sal ons sien hoe Christus se boodskap aan Laodicéa beplan is om ons voor te berei om oorwinnaars te wees, ten volle vir ons sending as God se laaste-dae getuies toegerus.

Kom ons lees Sy boodskap aan Laodicéa:

En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. - Openb. 3:14-22.

Christus, die groot Geneesheer, en die ware Getuie aan Laodicéa, diagnoseer Sy kerk se toestand onfeilbaar. Hy sien Sy belydende volk in die dieptes van selfvoldane afvalligheid wat geheel en al noodlottig sal wees, behalwe vir die wonderbare genesing wat Hy bied.

Sommige kerklidmate vermy bespreking van die Laodicéa-boodskap, omdat hulle voel dat dit 'n boodskap van veroordeling is wat min, indien enige, hoop bied. Hulle gevoelens mag gebaseer wees op die manier waarop die boodskap soms verduidelik word. Maar dit sal 'n ernstige fout wees om van die boodskap weg te skram, want dit is uit die hart van God aan Sy laaste-dae Kerk gestuur. Die waarskuwing vir die laaste Kerk moet aan almal, wat aanspraak maak om Christene te wees, verkondig word. Die

Laodicéa - boodskap, soos 'n skerp, tweesnydende swaard, moet na al die kerke gaan. Hoe belangrik dan dat ons die ware belangrikheid van hierdie boodskap begryp en die verlossende Gees herken waarin dit gestuur was. Die boodskap is 'n chirurgiese instrument, nie 'n slagmes nie. Dit is bedoel om ons almal tot nederige, hartondersoekende gebed te bring, eerder as tot bose minagting vir die Kerk. Christus se boodskap aan Laodicéa is nie "Verlaat die Kerk" nie, maar "Laat staan luiheid en selfgeregtigheid; maak jou **roeping** en **uitverkiesing** in My seker."

Ons sal 'n beter waardering van die hele boodskap hê as ons die betekenis van die woord **Laodicéa** van nader beskou. Laodicéa beteken 'n **Kerk onder oordeel**. Dit vestig die aandag op die tyd van die boodskap. Baie studente van Bybelprofesie weet uit Daniël 8:13,14; 9:24-27 dat God se oordeel in 1844 begin het. So die eerste naam van hierdie kerk wys na die tydperk wat dit verteenwoordig. Die sewende en laaste fase van kerkgeskiedenis, die Laodicéa-periode, het in 1844 begin en strek tot aan die einde van tyd.

Die tyd van oordeel mag ontstellend klink. Dit mag lyk of dit skielik vrae en twyfel omtrent 'n mens se sekerheid in Christus laat ontstaan. Maar Christus wys duidelik dat baie deur hulle geestelike lewens gaan met 'n vaste sekerheid waarvoor hulle geen waarborg het nie (Matt. 7:21-23; 24:36-51). Hy het van hierdie vals sekerheid in verskeie gelykenisse (bv. Matt. 22:1-13; Matt. 25:1-46) gepraat. Jesus wil verseker hê dat ons sekerheid moet hê, maar sekerheid van die regte soort, op die soliede waarhede van Sy evangelie gebaseer wat, wanneer ten volle aanvaar, 'n lewenstransformerende verbintenis met Hom sal teweegbring. God se oordeel is nie beplan om ons van sekerheid in Christus en Sy verlossing te beroof nie.

Terselfdertyd, egter, behoort die realiteit van God se oordeel en die aankondiging wat nou aan die gang is ons definitief van Laodicéa se

selfversekerdheid los te skud dat ons geestelik in top vorm is, terwyl ons in werklikheid ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is. Hoe dwaas om sekerheid onder sulke omstandighede soos hierdie te handhaaf en te bevorder! Evangelie sekerheid is nie ekwivalent aan hoogmoedige selftevredenheid wat deur niks versteur kan word nie. Eerder, die "volkome sekerheid" van geloof sal na hulle kom wie se harte aan Christus oorgegee is en van sonde gereinig is (kyk Heb. 6:11,12; 10:22).

Paulus het baie sekerheid van die gedagte van God se oordeel ontvang. Hy het dit so uitgedruk: *God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.* - Hand. 17:30,31.

God se tyd van oordeel is een waarin elke belydende volgeling van Christus òf veroordeel òf geregverdig sal word, afhangende van elke individu se reaksie op die evangelie. Dit is waar dat ons in Christus geregverdig word op die einste oomblik wat ons Hom as Verlosser aanvaar (Rom. 3:24-28). Christus se oordeel dien om te demonstreer of ons in Sy genade voortgegaan het, en die evangelie as die heersende mag in ons lewens verwelkom het, of eenvoudig probeer het om die evangelie as 'n verskoning uit te buit om in selfsugtigheid en sonde te leef, terwyl ons die eer opeis om wedergebore kinders van God te wees. Paulus maak dit duidelik in sy brief aan die verwarde gelowiges in Galasië: **Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!** - Galasiërs 2:17. **Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word.** - Rom. 11:22.

God se oordeel openbaar die resultate van Sy verlossende werk in die lewe van elke belydende Christen. Hulle wat in Hom bly, Sy lewe en waarheid assimileer, word in die oordeel as gesuiwer, gereinig en veredel deur die evangelie, deelgenote aan die Goddelike natuur getoon. Hulle verhaal van geestelike verfraaiing dien om die evangelie te verdedig, te bewys dat dit die krag besit om sondaars volledig in Christus heel te maak. Diegene wat in die oordeel veroordeel word, gaan hierdie lot tegemoet, omdat terwyl hulle Christus se Naam blymoedig aangeneem het, hulle die karakter=transformerende werk van Sy genade in hulle lewens verwerp het. Hulle is nie deelgenote van die Goddelike natuur nie, wat hulle maklik sou wees, as hulle werklik die troonsbestyging van Christus in hulle harte verwelkom het.

God kondig Sy oordeel aan, nie om ons hoop te ontmoedig of ons in wanhoop te dompel nie, maar om ons vir ons ware toestand en behoefte wakker te maak, sodat ons Hom ons genoegsaamheid kan maak. **Maar as ons geoordeel word, word ons deur Hom getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie.** - 1 Kor. 11:32. Ek wil veel eerder nou van my sondes en tekortkomings vertel word, terwyl hulle deur Christus se krag kan genees word, as na dit te laat is en ek hooploos verlore is. Wil jy nie ook nie? **Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertrouwe tot die einde toe onwrikbaar vashou; omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.** - Heb. 3:14,15.

Gesien in die lig dat dit 'n geleentheid is om van ons roeping en uitverkieping seker te maak, kom die oordeel tevoorskyn, ten minste vir die verlostes, as 'n verlowingsproses eerder as 'n spanning in hulle verhoudings met God, of 'n oorsaak van vervreemding van Hom. Die oordeel is nie 'n egskeidingsprosedure nie, maar 'n troue vir hulle wat met

Christus in hart en verstand verenig. Dit is 'n bekragtiging en volle vertoning van Christus se doeltreffende werk in die lewens van die verlostes.

'n Mens kan die oordeel beskou as 'n streng kontroleproses of as 'n tyd van vriendelike onthulling waarin die plan van verlossing ten volle bekragtig en geregverdig word deur 'n detail ondersoek van sy wonderlike resultate in die lewens van almal wat Jesus ten volle aangeneem het. Verder spreek die Here Sy getroue volk vry van al die vals klagtes wat deur Satan en sy aardse handlangers teen hulle ingebring is. In die geskiedenis van die Christendom is God se volk dikwels van kettery en misdade beskuldig waarvan hulle heeltmaal onskuldig is - hulle enigste "skuld" is getrouheid aan onpopulêre waarheid. Vir diesulkes is die oordeel 'n tyd van glorieryke regverdiging. **Want die Here sal sy volk nie verwerp en sal sy erfdeel nie verlaat nie; want die regspraak sal terugkeer tot geregtigheid, en al die opregtes van hart sal dit volg.** - Psalm 94:14,15.

As ons lewens besoedel is in 'n nie-oorwinnende lewe, dan sal die oordeelsboodskap ons die skrik op die lyf jaag eerder as bemoedig. Christus se raad aan Laodicéa, egter, is 'n reddingstou wat verleng is om ons uit die moeras van neerlaag en wanhoop te trek en ons veilig op die pad na oorwinning in Hom te plaas.

Sy voorstelling van Homself aan Laodicéa is gegee om vertrouwe in Jesus te inspireer. Hy is die "Amen", die Een wie se raad duidelik en betroubaar is, wie se gesag onbetwisbaar is en wie se doelstellings stabiel is. Hy leer ons om uit te styg bo die gees van waardelose modernisme wat probeer om alle waarheid "relatief" te maak en onderhewig aan konstante hersiening met die "vooruitgang" van die mens se denke. **Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag.** - Ps. 100:5.

As die getroue en waaragtige Getuie, beklemtoon Jesus sy rol in die oordeel as die Een wat 'n perfekte kennis van ons lewens het en wat slegs die waarheid spreek wat niemand kan weerlê nie, selfs nie Satan nie.

In die begin van God se skepping verklaar Jesus Sy skepperskap (vgl. Openb. 3:14 met Openb. 14:7). Hierdie pertinente karakterisering loop die teorie van evolusie vooruit en gooi dit omver wat moderne denkwysse vir die afgelope ses geslagte gedomineer het. Dit beklemtoon ook Christus se vermoë, as Skepper, om enige nodige verandering in ons lewens te maak. Sy krag en gesag is oppermagtig. En Sy gewilligheid om daardie krag tot ons voordeel uit te oefen is onbeperk.

Maar Hy spreek tot 'n volk wat, terwyl hulle toegang tot alle waarheid en geestelike krag het, in die dieptes van geestelike armoede leef. Hoekom hierdie onnodige tekortkoming? Hier is 'n volk wat roem op hulle besit van geestelike kennis en voordele. Maar hulle het nie gereageer op die onverdiende seëninge wat God aan hulle geskenk het nie.

Omdat die meeste Laodicéense nie regtig die voordele van die evangelie toegeëien het nie en grootliks onbekend is met die Verlosser ontbreek hulle ywer en fokus. Hulle is nie in staat om 'n lig vir die wêreld te wees op 'n tyd wat die Here wil hê hulle moet die glans van Sy waarheid en liefde uitstraal nie. Hulle is slapende wagtters eerder as waaksame gidse. Ons is Laodicéa. Ellen White het geskryf, "die boodskap aan die kerk van Laodicéa openbaar ons toestand as 'n volk." - *Review and Herald*, 15 Desember 1904.

Ten spyte van Laodicéa se diepgewortelde selfgenoegsaamheid en bedwelmende selfgeregtigheid, kyk Jesus nie na ons saak as hopeloos nie. Omdat Laodicéa se toestand geneesbaar is, bied Hy raad aan. Dit kom in drie dele wat almal in een ervaring kombineer. Jesus skilder Homself as 'n

hemelse Handelaar wat van huis tot huis gaan om drie kosbare ware te verkoop:

1. **Goud wat deur vuur gelouter is.** In 1 Petrus 1:7 sien ons dat die goud wat deur vuur gelouter is, 'n aktiewe geloof verteenwoordig, geloof wat deur liefde werk (Gal. 5:6). Hierdie geloof reinig die hart wat onvoorwaardelik aan God oorgegee is en Sy aangebode geregtigheid verwelkom (kyk Handeling 15:9; Fil. 3:9). Jesus is die Leidsman en Voleinder van ons geloof. Ons geloof sal sterker en suiwerder groei soos ons dit in die louterende vuur van Sy Woord dompel en dit in die smeltkroes van die lewe se ervaring uitleef (Jer. 23:29; Jakobus 1:3; 2 Kor. 4:17,18).
2. **Wit klere.** Geestelike naaktheid is die resultaat van sonde. Die verlies van hulle kled van lig was Adam en Eva se eerste duidelike bewys dat hulle ongehoorsaamheid aan God 'n verandering in hulle lewens teweeggebring het. Onmiddellik het hulle vir hulle naaktheid probeer kompenseer deur rokke van vyeblare te maak. Hulle kon hulle fisiese naaktheid bedek, maar kon niks versin om die plek in te neem van die Goddelike geregtigheid wat hulle so onbesonne verbeur het nie.

Deur die evangelie bied Christus aan om ons geestelike naaktheid vir altyd te beëindig deur om ons die kosbare kled van Sy eie geregtigheid te hang. Hierdie geregtigheid is nie net 'n uiterlike bedekking nie, maar 'n inwewing van die hoedanighede van Christus se natuur in ons karakter. Deur genade word Goddelike geregtigheid integraal tot ons diepste wese. Sodoende is Christus se kled van fyn linne die **regverdige dade van die heiliges**. - Openb. 19:7,8. Nie geregtigheid wat die heiliges genereer, akkumuleer of menslik kultiveer nie, maar geregtigheid wat aan hulle as 'n Goddelike gawe toegeskryf en deelagtig gemaak is. Dit is die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in

Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie. - Rom. 3:22. Christus sal nie 'n geregtigheid aan ons toeskryf wat ons nie in ons lewens ontvang en geïnkorporeer het nie.

3. **Salf om jou oë te salf.** Simbolies verteenwoordig oogsalf die krag van helder onderskeiding wat slegs die Heilige Gees vir ons kan gee. God maak Sy Gees aan almal wat gewilliglik reageer op die aanbiedinge van Sy liefde deelagtig. Daardie gewillige reaksie kom tot uitdrukking in 'n begeerte om Jesus in 'n konstante dieper en ryker wyse te ken, lief te hê en te dien.

Jesus was met die Gees en met krag by Sy doop gesalf (Handelinge 10:38). Daardie selfde Gees salf ons met krag om so te leef en te dien soos Jesus gedoen het wanneer ons onself onderdanig stel aan die Gees se gesag soos Jesus gedoen het. Wanneer ons gesindheid sodanig is, dan sal Paulus se gebed vir die gelowiges in Efese ook in ons vervul word.

....dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlijkheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee, verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlijkheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemel. - Efesiërs 1:17-20.

So 'n gesalfde lewensvisie sal ons bewaar van geestelike strikke, stagnasie en traagheid. Afvallig word sal onmoontlik wees en lewensbelangrike vooruitgang verseker. Ons sal 'n diepe intimiteit met God geniet.

Skriflesing sal 'n persoonlike onderhoud met 'n lewende God wees, eerder as 'n blote studie van geëerde getuienis deur antieke skrywers.

Die **oogsalf**, die Woord van God, maak die gewete seer onder sy aanwending, want dit oortuig van sonde. Hierdie pyniging is nodig, sodat die genesing kan volg en die oog enkelvoudig op die heerlikheid van God kan wees.

Om gesalfde oë te hê is om die lewe vanuit God se perspektief te aanskou. Dit is om mense te sien soos Hy hulle sien, om die gebeure van die lewe soos Hy te interpreteer. Dit is om vir Hom die opperste eerbied te hê.

Hulle wat honger en dors na God se kameraadskap, wat verlang om Sy stem, wat deur Sy Woord praat, te hoor en verlang om Sy weerkaatsing in al Sy skeppings te sien is die mense wat hulle oë met oogsalf salf, sodat hulle kan sien. Hulle verwelkom die Gees se kameraadskap en werk in hulle lewens, want dit is Sy werk om Christus te openbaar en Sy Woord tot lewe in ons ervaring te bring (Joh. 14:15,16,26). Hulle gehoorsaam God blymoedig, nie om verlossing of guns te verdien nie, maar omdat hulle deur Golgota alreeds Sy guns gevind het en geniet dit nou om die dinge te doen wat Hom plesier. In die proses ontdek hulle dat om Sy wil te doen ook hulle eie hoogste plesier word.

Christus begeer dat ons hierdie ervaring moet hê. Hy arbei om 'n bewustheid van Sy begeerte vir ons en ons behoefte aan Hom wakker te maak. Dit is hoekom Hy verklaar, **Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.** - Openb. 3:19. Hy sou ons nie uitnooi om berou te hê, tensy ons die vooruitsig gehad het om deur Sy genade verander te word nie. Soos met die kerk in Korinte, is dit ons voorreg om vuriglik berou te hê en, deur die geregtigheid van Christus, 'n posisie van ongekomplimiteerde guns met Hom te beklee (kyk 2 Kor. 7:8-12).

Die raad van die Waaragtige Getuie is vol bemoediging en troos. Die kerke mag die goud van waarheid, geloof en liefde verkry en ryk wees in hemelse skatte.

Maar hierdie kosbare skatte sal nie op ons sonder enige inspanning van ons kant neerdaal nie. Ons moet koop - ons moet vurig en berouvol omtrent ons louwarm toestand wees. Ons moet wakker word om ons verkeerdhede te sien, om vir ons sondes te soek en om dit van ons weg te werp. Ons kan dit slegs deur Christus, ons geregtigheid, tot stand bring. Dit is die verdienstelikheid van Christus wat ons moet verlos, Sy bloed wat ons moet reinig. As ons ons trots wegwerp en ons kleeed in die bloed van die Lam was, dan sal Sy raad die volle, sielsverlossende effek in ons lewens hê. Ons sal dan toegerus wees om as ligte in die wêreld te skyn en die drie engele se boodskap in die volle krag van die Heilige Gees te verkondig. Maar tensy ons ag slaan op die raad van die Waaragtige Getuie aan Laodicéa, watter evangelieboodskap het ons dan om aan enige iemand te bring? Die van 'n Verlosser wat ons nie ken nie, wie se stem en klop ons hoor, maar nie beantwoord nie?

Jesus staan al kloppende voor die deur van ons hart, nie met donderende aandrang nie, maar met die sagte, soet stem van 'n liefdevolle versoek vir toegang in ons lewens in. Wanneer ons Hom binnelaat, voed Hy ons met die manna van waarheid, met die brood van Sy eie wese, daardeur maak dit ons deelnemers van die Goddelike natuur. Hy maak ons die bevrediging en bemagtiging van Sy heilige liefde deelagtig deur die Gees wat in ons woon en waak oor ons blymoedige, toegewyde harte. Dit is sielevoedsel voorwaar en vriendskap van Een wat hegter is as 'n broer.

Hy gee ons oorwinning deur die vry aangebode middele van Sy Woord, Sy Gees en Sy bloed (Openb. 12:11). En dan - wonder van bonatuurlike wonders - bied Hy ons 'n plek met Hom op Sy troon, die troon waarheen ons dikwels ons toevlug neem as 'n plek van skuiling en leiding, die troon

van barmhartigheid en oordeel waar ons berouvol verskyn, ons sondes bely, Sy genade soek om rein, Goddelike lewens te leef volgens Sy gebod en belofte (Matt. 5:24, 48; 1 Thess. 5:23,24; 1 Tim. 5:24).

Christus se boodskap aan Laodicéa, terwyl dit meedoënloos is in sy diagnose van ons sondes en so direk soos die boodskapope van Elia en Johannes die Doper aan God se belydende volk, is vol belofte en hoop aan Laodicense wat berouvol is en Sy drievoudige raad aan Sy Kerk aanvaar. Dit is ons voorreg om onwrikbare geloof, onverganklike geregtigheid en 'n onblusbare toekomsblik deur die krag van 'n inwonende Christus te hê. Mag ons onmiddellik hierdie gawes aan Laodicéa met berou, dankbaarheid en lofprysing aanvaar. - Brian Jones: *Prophets of Fire. The Elijah message for the end time*, pp. 137-147.

† In Openbaring 2-3

Laastens, die sewe boodskappe aan die kerke kan nie los van die res van Openbaring gelees word nie. Dit blyk inderdaad dat die profetiese gedeelte van die boek, begin met Hoofstuk 4, op hierdie sewe boodskappe voortbou. Hier openbaar Christus Homself as die Een wat in al die behoeftes van Sy volk kan voorsien. Hy ken sy mense, want Hy wandel tussen hulle en sorg vir hulle. Soos die kerk van God die eindtyd beproewing in die gesig staar en vooruitsien na Sy wederkoms, is die belofte van die verheerlikte Christus steeds soos die klank van 'n trompet: ***Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en die dood.*** - Openb. 1:17-18. Jesus is getrou aan die belofte wat Hy op die Olyfberg gegee het: ***En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.*** - Matt. 22:20

† In Openbaring 4-5

Daar is ten minste twee redes hoekom Openbaring 4-5 van sulke spesiale betekenis vir God se volk vandag is. Eerstens, die troonbestyging van Christus in die hemelse tempel aan die regterhand van die Vader dui die inhuldiging van die hemelse heiligdom aan. Alhoewel Openbaring sterk klem op die inhuldiging van Jesus in Sy koninklike rol plaas, beskryf die brief van Hebreërs meer spesifiek die priesterlike aspek van Sy verheerliking. In Hebreërs, as die resultaat van Sy offerdood aan die kruis en Sy opstanding, het Jesus na die hemel opgevaar, agter die voorhangsel ingegaan en daarna op die troon van God aan Sy regterhand gaan sit het (Heb. 1:3,13; 8:1; 10:12; 12:2). Die hoofsaak van die boek is **dat ons het so 'n Hoëpriester wat gaan sit het aan die regterhand van die troon van die Majesteit in die hemele. 'n Bediener van die heilige dinge en van die ware tabernakel wat die Here opgerig het en nie 'n mens nie.** - Heb. 8:1-2. Synde dat Jesus op die troon gaan sit het, kwalifiseer Hy om die Bediener van die hemelse heiligdom te wees. Daarom moet die boeke van Openbaring en Hebreërs saam bestudeer word. Hulle gee ons die volle insig in Christus se na-opstanding bediening om Sy getroue volk se ontwil.

Die tweede rede hoekom Openbaring 4 en 5 vir God se volk vandag belangrik is, is die feit dat die troonbestyging met Pinkster plaasgevind het. In sy Pinkster-boodskap verklaar Petrus dat die verheerliking van Christus op die hemelse troon aan die regterhand van God die deur vir die koms van die Heilige Gees (Hand. 2:32-33) geopen het. Dit wil sê, die koms van die Heilige Gees was bepaal en voorafgegaan deur Christus se verheerliking. Volgens Johannes 7:39 kon die Heilige Gees slegs na Jesus verheerlik was, kom. Dit was Jesus se dood aan die kruis, Sy hemelvaart en Sy daaropvolgende troonbestyging in die hemelse tempel wat die

manifestasie van die werk van die Heilige Gees wettig en sigbaar gemaak het.

Laat God se volk vandag daarom nooit die basiese vergeet nie. Hulle moet altyd in gedagte hou dat die hoofsaak van die Heilige Gees is om van Jesus te getuig (Joh. 15:26) en om Hom te verheerlik (Joh. 16:14). Dit is slegs die goeie nuus van verlossing in Christus wat die mens se hart kan bereik en hervorm en mense lei om te reageer op die roepstem van die ewige evangelie om God te vrees, Hom te verheerlik en Hom te aanbid (Openb. 14:7). Die gekruisigde, opgestane en verheerlikte Here en Koning is op die troon van die heelal. Hy is met Sy volk - Hy is in beheer. God se volk moet nooit vergeet nie, dat deur die essensie van die evangelie in gedagte te hou vir hulle volle sukses in die prediking van die finale boodskap aan 'n verlore en lydende mensdom sal bring.

Openbaring 6:16-17: Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van Sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?

Die hele toneel van Openbaring 6 eindig met 'n baie belangrike retoriese vraag: **Wie kan bestaan?** Dit roep in herinnering die vrae wat Maleagi gevra het: **Wie kan die dag van Sy koms verdra? Ja, wie kan standhou as Hy verskyn?** - Mal. 3:2. Openbaring 7 dui aan dat hulle wat in staat is om in die goddelike dag van wraak te bestaan die verseëlde volk van God is. Dit verseker ons dat, terwyl die Wederkoms en die daarmee gepaardgaande gebeure die goddeloses verskrik, God se getroue volk aan die belofte mag vashou: **Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die Here, jou Ontfermer.** - Jes. 54:10. Toe die profeet Nahum gevra het: **Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn?**, het hy die ondubbelsinnige/duidelike antwoord gekry: **Die Here is goed, 'n toevlug**

in die dag van benoudheid en Hy ken die wat by Hom skuil. - Nahum 1:6-7. Hier is die hoop vir God se volk met betrekking tot die toekoms. Hierdie is waaroor dit alles in Openbaring 7 gaan.

† In Openbaring 6:9-17;8:1

En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: **Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?** - Openb. 6:9-10.

Die geroep van die vermoorde martelare onder die altaar - **Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser?** - is die aanhoudende geroep van baie Christene wat in hierdie wêreld leef wat die prys moet betaal, omdat hulle in die spore van Jesus wandel. Net soos Jesus in hierdie wêreld vervolg was, so is Sy volgeling ook. Nogtans, as die ergste met hulle gebeur, kan hulle steeds vertroosting vind in die feit dat Jesus dieselfde pad gestap het. Selfs al moet hulle hul lewens aflê, sal hulle weet dat die einde aan die kom is wanneer al God se beloftes vervul sal word. Jon Paulien verklaar:

"Dieselfde Christus wat die kerke beskerm (Openb. 1-3) sit ook op God se troon in hemelse plekke (Openb. 4-5). Hy weet en sorg wanneer Sy volk ly of geforseer word om in hierdie lewe alleen te loop omrede hulle geloof in Hom." - *The Seven Seals*, 238-239.

Openbaring 6-7 stuur 'n voortdurende en kragtige boodskap aan God se verdrukte volk wat tussen die Kruis en die Wederkoms leef en beproewinge as swaarkry in hierdie wêreld ervaar. Openbaring skram nie weg van die werklike lewe nie. Dit beeld die lewe soos dit werklik is, maar

dit gee ons ook hoop in daardie realiteit. Te midde van die gewaai van die winde, so vreemd en ongewoon as wat hulle mag wees, het God se volk 'n vaste versekering dat Jesus steeds op die troon in hemelse plekke is. Deur Hom is God in beheer. Sy belofte, wat ongeveer tweeduisend jaar gelede gegee was, is steeds van krag: ***Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.*** - Matt. 28:20.

Die verseëldes heiliges

En ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. - Openb. 7:1-3.

In die boek Openbaring is die Bevelhebber van die hemelse engele Mígael (12:7) en Mígael is Jesus Christus. Daar is geen twyfel dat in die verskyning van hierdie Engel ons die teenwoordigheid van Jesus self het nie.

Hierdie Engel beveel die vier verheerlikte engele om nie die vernietigende kragte los te laat ***voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.*** Verskeie dinge kan hier waargeneem word: Eerstens, Christus word voorgestel as die Een wat in volle beheer is van die tydsberekening van die finale gebeurte. Hy sal nie toelaat dat die finale gebeurte tot aksie oorgaan voordat God se volk verseël is nie.

Tweedens, voor die eindtyd se groot tyd van benoudheid kom, moet God se getroue volk in hulle voorhoofde verseël word ten einde beskerm te word. Die primêre doel van die verseëling van God se volk is om hulle die versekering van verlossing te gee. Deur Christus te ontvang en aan Hom oor te gee ontvang 'n persoon die seël van God se eienaarskap en is deur die Heilige Gees verseël (2 Kor. 1:21-22; Ef. 1:13-14; 4:30). Die teenwoordigheid van die Heilige Gees is die teken dat so 'n persoon aan God as Sy eie besitting behoort. Paulus som die seël van God in hierdie woorde op: **Die Here ken die wat syne is.** - 2 Tim. 2:19. Die seëling stem blykbaar ooreen met die was van die klere wat hulle wit maak in die bloed van die Lam (Openb. 7:14; 22:14). Die verseëling is dus die simboliese teken van 'n werklike en ware Christen. Seëling is wat so 'n persoon van ander onderskei. Diegene wat die seël van God in hulle voorhoofde het, sal in staat wees om op die groot dag van wraak staande te bly.

In die finale krisis van hierdie wêreld se geskiedenis, sal die seëling 'n addisionele betekenis en belangrikheid verkry: dit is 'n finale bekragtiging van God se volk om vir God in die finale krisis te getuig.

Beatrice S. Neall sê: "Die seël van God is bedoel om die heiliges te beskerm teen demoniese magte wat mense martel, sodat hulle eerder die dood as lewe soek (Openb. 9:4-6). Die heiliges is ook beskerm teen die sewe laaste plaë wat slegs op die aanbidders van die dier val (16:2). Die seël beskerm die heiliges van oorwinning deur die vyand en die oordele van God. Dit beskerm hulle nie teen die wraak van die dier nie (13:15,17). Soortgelyk sal die merk van die dier sy volgelinge teen die vervolging van die dier beskerm, maar nie teen die wraak van God nie" (14:9-11) - *Sealed Saints and the Tribulation*, 256.

In dieselfde trant verduidelik Hans La Rondelle:

"God se diensknegte is alreeds in besit van die geestelike seël van die Heilige Gees wat hulle by hul doop in Christus ontvang het. Hulle is daarom in Christus. Maar slegs **nadat** God se eindtyd diensknegte getoets is rakende die merk van die dier en lojaal tot die dood bevind is, sal hulle van Sy engele die eindtyd seël as die merk van goddelike goedkeuring en beskerming teen die magte van die dood en verwoesting ontvang." - *Chariots of Salvation: The Biblical Drama of Armageddon*, 171.

Soos die einde nader kom, moet God se getroue oorblyfsel die finale evangelieboodskap aan die wêreld verkondig. Daarna moet hulle deur die finale gebeure van hierdie wêreld se geskiedenis gaan, waarna as "die groot verdrukking" verwys word. Gedurende daardie tyd van krisis, sal hulle die spesiale beskerming van die Heilige Gees nodig hê. Dit is dan dat hulle die vervulling van God se belofte aan die Filadelfiërs sal ervaar: **Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.** - Openb. 3:10. Net soos die Israeliete wat die deure van hulle huise met die bloed van die paaslam gemerk het teen die Exodus-plae beskerm was (Eks. 12:21-23), en soos die gemerkte getroues in Esegïël se visioen gedurende die oordeel wat Jerusalem getref het, beskerm was (9:1-11), so sal die Heilige Gees spesiale beskerming vir Christene in die eindtyd uur van beproewing voorsien.

Openbaring 7 stel dit duidelik dat God se volk verseël is nie om van die uur van beproewing vrygestel te wees nie - hulle ly blykbaar honger, dors en die skroeiende hitte van die vierde plaag (Openb. 7:16; vgl. 16:8-9) - maar om veilig daardeur gebring te kan word (vgl. Openb. 7:14). Wat die verseëling ook al is, is dit blykbaar 'n proses waardeur elke Christen moet gaan en wat 'n klimaks en 'n nuwe betekenis en belangrikheid net voor die

Tweede Koms bereik. Die seëling van Openbaring behoort verstaan te word as die finale sluiting van die seëlingsproses op die aarde, wanneer die prediking van die evangelie tot 'n einde sal kom en genade nie langer beskikbaar sal wees nie.

Die voorbereidende oordele van die blaas van die sewe trompette is gedeeltelik en onvolledig. Maar wanneer die uur van die groot beproewing kom en die volk van God ten volle verseël en as Sy eie geïdentifiseer is en as sulks beskerm is, sal die terughoudende engele die vernietigende kragte van die finale plaë loslaat (Openb. 16). Dan sal die goddeloses die volle krag, hardheid en universaliteit van die finale rampe, wat op die aarde sal val, ervaar. Soos Petrus verklaar: **Die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word.** - 2 Pet. 2:9.

Die groot menigte (7:9-17)

Ná hierdie dinge het ek gesien, en kyk, daar was 'n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale; hulle het gestaan voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande. - Openb. 7:9.

Die groot menigte is geklee met wit klere en met palmtakke in hulle hande. Beide die wit klere en die palmtakke is tekens van triomf en oorwinning. Die wit klere herinner ons aan die Romeinse generaals en soldate geklee in wit klere wat hulle oorwinnings na 'n suksesvolle oorlog vier. Die toneel herinner ons ook aan die palmtakke wat vir feestelike vreugde en die viering van militêre oorwinning gebruik was. Hier het ons die vervulling en die belofte wat aan die oorwinnaars in Sardis gegee was, dat hulle voor Christus in wit klere sou wandel (3:4-5; vgl. 3:18). Van die groot menigte word gesê: **Hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam (7:14).** Soos die bloed van die pasga

lam aan die deur van die huis die Israeliete beskerm het teen die Exodus-plaer, net voordat hulle van die Egiptenare bevry was, sal die bloed van die Lam, Christus self, die bevryding van eindtyd Israel voorsien (vgl. Openb. 22:14). Hulle oorwinning is die resultaat van Christus se groot oorwinning aan die kruis behaal. Die groot belofte in Openbaring 3:21 gegee, het nou 'n werklikheid geword. Die oorwinnaars van alle eeue het hulle aandeel met Christus op Sy troon.

Die gejuig van die verlose skare voor die troon openbaar dat hulle oorwinning nie die resultaat van hulle eie pogings en prestasies is nie: **Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!** Die verlose menigte sê niks van hulle eie prestasies nie. Dit is God wat hulle deur die ure van hulle beproewings en benoudhede beskerm en bewaar het. Hulle oorwinning is daarom die resultaat van wat Christus vir hulle gedoen het eerder as wat hulle vir hulself probeer het.

William Barclay stel dit soos volg: "Die gejuig van die triomfantlike getroues skryf verlossing aan God toe. Dit is God wat hulle deur hul beproewings en verdrukings en benoudhede gebring het; en dit is Sy heerlikheid waarin hulle nou deel. God is die groot Verlosser, die groot Bevryder van Sy volk. En die bevryding wat Hy gee, is nie die bevryding van ontsnapping nie, maar die bevryding van oorwinning. Dit is nie 'n bevryding wat 'n mens van moeilikheid red nie, maar een wat hom triomfantlik deur moeilikheid bring. Dit maak die lewe nie maklik nie, maar dit maak die lewe groot. Dit is nie deel van die Christelike hoop om op die uitkyk te wees vir 'n lewe waarin 'n mens van alle moeilikheid en benoudhede gespaar is nie; die Christelike hoop is dat 'n mens in Christus enige soort moeilikheid en benoudheid kan verduur en dwarsdeur almal staande kan bly en tot glorie aan die anderkant kan uitkom." - *The Revelation of John*, 2:26-27.

In die boek Openbaring is die heiliges **altyd besig met oorwinning** (let op die teenwoordige tyd in die Grieks); slegs Christus **het oorwin**. Selfs gedurende die sewe laaste plaes is die heiliges steeds besig om die dier en sy beeld te oorwin (15:2, Grieks). Hulle worstel steeds met die vyand van buite en van binne. Hulle grootste sonde, wat hulle gedurende die verdrukking/beproewing moet oorwin, is 'n gebrek aan geloof. Nogtans is hulle besig om te oorwin en nie verower, oorwin of verslaan nie. Hulle is seëvierend in die stryd met die bose. Hulle is perfek in karakter - hulle kies slegs God se wil - terwyl hulle steeds daarvan bewus is, dat hulle hul sondige natuur moet oorwin. Alhoewel, hulle staan verseël en vlekloos deur die verdienste van die Lam (7:14).

Watter mening ook al 'n mens huldig, moet een gevolgtrekking verseker van die visioen van die verseëelde heiliges voor die troon van Openbaring 7 gemaak word. Soos die visioen van die opening van die sewe seëls getoon het, die getroue volk van God staar dikwels onaangename lewenservaringe in die gesig ter wille van die evangelie. Die gebeure van Openbaring 6 word aan die gang gesit deur die aktiwiteit van Christus in die hemel. Dit dui aan dat hemel en aarde nou aaneengeskakel is; niks gebeur op die aarde sonder die kennis/wete van die Een wat in die hemel op die troon sit en wat oor die heelal regeer nie. Die boek Openbaring stel dit duidelik dat God krag, beskerming en riglyne voorsien vir diegene wat hulleself onvoorwaardelik oorgee aan die Een wat vir hulle aan die kruis gesterf het en wat in die hemelse plekke regeer. Sonde kan slegs deur Hom, wat inderdaad die ware Oorwinnaar is, oorwin word.

Soos God se getroue volk op die drumpel staan om deur die finale konflik te gaan het hulle die vaste versekering dat Hy hulle sal beskut en vertroos gedurende die tyd van die groot verdrukking/benoudheid soos Hy Sy volk dwarsdeur die geskiedenis beskerm en vertroos het. Die toekoms mag by tye donker lyk. Nogtans is die opgewekte Christus in beheer. Hy is die

bron van sterkte en hoop vir die verlostes gedurende hulle aardse verblyf totdat Hy, hulle Here en Koning, weer kom en vir ewig by hulle woon (Openb. 7:15).

† In Openbaring 8-9

Die aard van die blaas van die sewe trompette: Die teks dui aan dat al is die trompette katastrofies van aard, is hulle nie natuurlike onheile en rampe nie. Hulle is eerder 'n manifestasie van die teenwoordigheid en werklikheid van God Almagtig in die geskiedenis. Hulle openbaar God se reaksie op die onregverdigheid/onreg en skade wat Sy mense aangedoen is. So vreemd en ongewoon as hulle mag voorkom, is die sewe-trompet-plae onder die beheer van die Een wat aan die kruis van Golgota gesterf het en in die hemelse plekke oor die heelal regeer. Jesus Christus is die Here van die geskiedenis en Hy is in volle beheer van die magte van hierdie wêreld wat Sy volk wreedaardig onderdruk het. Soos 'n mens een vir een deur die sewe trompette werk, kan hy of sy steeds die teenwoordigheid van die God van die verbond met Sy volk sien en voel.

Aldus het die sewe laaste plae uitsluitlik te doen met diegene wat nie die seël van God in hulle voorhoofde het nie. Diegene wat aan God se kant is, word klaarblyklik nie deur hierdie trompet-plae geaffekteer nie. Hulle mag een of ander aandeel in die lyding van die goddeloses hê, omdat God belowe het om hulle **deur** die beproewing eerder as **van** hulle te bevry. Hulle het 'n sterk versekering van God se teenwoordigheid met hulle in die tyd van beproewing. Die Almagtige God hoor hulle gebede en gee vir hulle om, terwyl Hy met hulle onderdrukkers afreken.

Die oordele, simbolies in die sewe-trompet-plae geskilder, is God se antwoord op die lyding van Sy heiliges en hulle smeking: **Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?**

Die boodskap van die blaas van die sewe trompette is duidelik en ondubbelsinnig: "Nie te lank nie!" God is alreeds besig om die vyande van

Sy volk te oordeel. Soos Openbaring 16 aandui, is die dag aan die kom wanneer die volle oordeel op die goddeloses uitgestort sal word, waarvan die plaes van die sewe trompette slegs 'n voorsmakie is.

Een ernstige vraag verdien 'n antwoord: Wat van God se volk wat in daardie tydperk van die groot voorbereiding vir die finale stryd voor die einde leef? Johannes laat sy lesers in geen onsekerheid nie. Soos in die opening van die sewe seëls, voorsien die tussenpose tussen die tonele van die sesde en die sewende trompet die antwoord op hierdie vraag. Terwyl die volgelingen van Christus onder spesiale sorg en beskerming, soos die engele in volle beheer van die vernietigende winde is (Openb. 7:3-8), word hulle opdrag gegee vir 'n spesiale sending ten spyte van hewige teenkanting en lyding. Hulle opdrag om God se finale boodskap aan die wêreld te verkondig, word in die simboliese eet van die geopende, klein boekie geskilder (Openb. 10). Hulle ervaring in die verkondiging van die evangelie aan die wêreld word in die toneel van die twee getuies uitgebeeld (Openb. 11). Die doel van die tussenpose is om God se volk wakker te maak en hulle van 'n vaste versekering van die uiteindelijke triomf van die evangelie, soos hulle die laaste dae van die aarde se geskiedenis nader te voorsien.

Die derde wee: Die sewende trompet (11:15-19)

En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewings en groot hael. - Openb. 11:19.

Die noem van die verbondsark is om die lesers voor te berei vir die hoofstukke wat op God se getrouheid aan Sy eindtyd Kerk betrekking het. In die Ou Testament was die verbondsark die simbool van God se voortdurende teenwoordigheid met Sy volk en die versekering van Sy belofte. Soos die verbondsark vir Israel die herinnering van God se lojale liefde gedurende hulle wildernis reise en oorloë was, so is die verwysing

na die verbondsark in Openbaring 11:19, 'n herinnering aan God se eindtyd volk van Sy liefde en verbondsbelofte om met hulle te wees deur al die beproewinge wat hulle in die sluitingsperiode van die aarde se geskiedenis sal ondervind. Watter beproewinge daar ook al mag kom, God sal getrou bly soos Hy belowe het om Sy verbondsbeloftes uit te voer en die vyande van Sy volk te vernietig.

† In Openbaring 11:15-19

Die uitbeelding van die blaas van die sewende trompet voorsien 'n opsomming van wat sal gebeur teen die tyd van die einde onmiddellik voor die Wederkoms, soos in detail in die tweede helfte van die boek van Openbaring (Hoofstukke 12-22) beskryf. Dit wys ons dat die gebeure van die einde die finale triomf van God se regering in hierdie wêreld sal wees. Dit waarborg die vervulling van die belofte gegee in antwoord op die pleidooi van die heiliges in die toneel van die vyfde trompet: **Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie.** - Openb. 6:10. Die instelling van God se ewige koninkryk en Sy heerskappy oor die wêreld dui op die regverdiging van God se heiliges en bevredig hulle voortdurende verlangens, begeertes en verwagtings.

Die oorlog in die Hemel (12:7-12)

En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en Sy engele het oorlog gevoer teen die draak..... En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. - Openb. 12:7,11.

In plaas daarvan om die volgelinge van Christus te verslaan, **hy wat hulle aankla voor onse God, dag en nag**, ly Satan sy eie neerlaag. Sy beskuldigings het teen hom geboemerang. Die volgelinge van Christus het

hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis. Hierin lê die geheim van die oorwinningslewe vir die volgelinge van Christus. Hulle oorwinning oor Satan volg kragtens wat Christus aan die kruis vervul het. Die bloed van Christus bring die oorwinning. Die tema van Openbaring is nie 'n militêre geveg (of gevegte) of een of ander politieke gebeurtenis (of gebeurte) nie, maar eerder die finale verowering van sonde en Satan, die verowering wat deur die Lam wat geslag is, gelei is. In Sy bloed is daar gewisse oorwinning. Christus se dood in Openbaring is 'n gebeurtenis van die verlede, sowel as 'n realiteit in die hede.

Die oorwinning oor Satan is ook 'n resultaat van die getuienis van God se volk omtrent Christus en die evangelie. Hulle oorwinning is verder bevestig deur hulle lojaliteit aan Christus wat hulle belangriker ag as hulle eie lewens. Ten spyte van ontbering en onderdrukking het hulle getrou en lojaal aan Hom gebly, selfs tot die dood toe. Dit bring die aansporing van Christus aan Sy volgelinge van Smirna in gedagte: **Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.** - Openb. 2:10. Paulus was ten volle verseker dat **geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.** - Rom. 8:38-39.

En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou (12:17).

Die oorblywendes van die vrou se nakomelinge is die volgelinge van Christus wat in die laaste tydperk van die aarde se geskiedenis leef. Hulle word deur twee definitiewe karaktertrekke/kenmerke geïdentifiseer: hulle is diegene wat **die geboorte van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.** Dit is wat die eindtyd volgelinge van Christus die

oorblyfsel maak en hulle van die ontroues skei. Die teks dui aan dat teen die einde van tyd, soos die hele wêreld hulle trou en lojaliteit aan Satan en sy bondgenote gee (Openb. 13:4,8), sal God 'n volk hê wat onvoorwaardelik getrou en gehoorsaam aan Hom sal wees in die onderhouding van Sy gebooië en vashou aan die getuïenis van Jesus deur die gees van die profesie gegee (vgl. Openb. 19:10).

Ons mag met die verklaring van Hans La Rondelle se verklaring saamstem dat "om die getuïenis van Jesus te hê is nie tot die eindtyd Kerk beperk nie, maar is die essensiële karaktertrek/kenmerk van Christus se getroue volgelinge gedurende die hele Christen-era." - Hans La Rondelle, *How to Understand the End-Time Prophecies*, 283. So 'n verklaring kan ondersteun word deur die feit dat Johannes self die medium was waardeur Jesus sy getuïenis gegee het (vgl. Openb. 1:2). Wat Johannes nou duidelik aantoon in Openbaring 12:17, is dat Jesus Sy openbaring aan die kerk van Sy dag deur die medium van die profetiese bediening gekommunikeer het. So sal Hy in die laaste dae van hierdie aarde se geskiedenis doen. Soos Jesus met Sy eindtyd oorblyfsel tot op die heel laaste sal wees, word hulle deur hulle gehoorsaamheid aan Hom (vgl. Openb. 14:12) en hulle getrouheid aan Sy getuïenis deur die profetiese stem in hulle midde gekenmerk. Profesie moet onder hulle geopenbaar word (manifesteer), omdat **die gees van die profesie** (Openb. 19:10) een van die belangrike, identifiserende kenmerke van die oorblyfsel is. **Die gees van die profesie** word in die bediening van Ellen White geopenbaar.

Die Dier wat uit die see opkom (13:11-18)

En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word. - Openb. 13:16.

Dwarsdeur die geskiedenis het die merk van die dier verskillende dinge in verskillende tye beteken. Alhoewel, Openbaring 13 dui duidelik aan dat die finale aanwending van die merk van die dier vir die eindtyd bepaal is, net voor die Wederkoms. Dit is in die finale krisis dat die merk van die dier 'n teken van trou sal word vir diegene wat die sataniese drie-eenheid [die draak (Satan); die dier (Openb. 13) en afvallige protestantisme] aanbid, in teenstelling met hulle wat God in die onderhouding van Sy gebooe gehoorsaam.

Die merk van die dier in Openbaring staan in skerp kontras met die seël van God. Die basiese funksie van beide die seël en die merk is eienaarskap, identiteit en beskerming. Albei is daarom tekens van lojaliteit aan God of die dier, onderskeidelik. Openbaring 12-14 benadruk dat in die finale krisis die gebooe van God as die standaard van lojaliteit en gehoorsaamheid sal te voorskyn kom. Die eindtyd heiliges, wat die goddelike seël het, word gekenmerk as hulle **wat die gebooe van God bewaar** (Openb. 12:17; 14:12). Die merk van die dier blyk dus die gehoorsaamheid aan die dier as plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan God te wees.

Dit blyk dat die eerste vier gebooe van die Tien Gebooe, in die besonder - **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie; Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie; ten einde hulle te aanbid nie; Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik; en Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit heilig** - die toets van lojaliteit aan God in die finale krisis sal word. Hierdie vier gebooe raak 'n mens se verhouding met en aanbidding van God. Volgens Openbaring 12-14 sentreer die kwessie in die finale krisis op die verhouding met God en die regte, gepaste en welvoeglike aanbidding. Die twee groepe teen die eindtyd is geïdentifiseer as hulle wat God aanbid

versus hulle wat die draak en die dier aanbid (Openb. 14:7,9; vgl. 13:8, 12-15). Dit verduidelik hoekom die seedier se eindtyd aktiwiteite beskryf word as goed-beplande aanvalle op hierdie vier gebooue. Die dier se eis vir aanbidding, iets wat vir God alleen gereserveer is (13:4,8), is 'n direkte aanval op die eerste gebod: **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.** Die oprigting van 'n beeld om aanbid te word (13:14-15), is 'n direkte oortreding van die tweede gebod en die godslastering van God val die derde gebod aan (13:5-6). Die eis om die merk van die dier te aanvaar dui op 'n direkte aanval op die vierde, die Sabbat-gebod.

Op hierdie punt is versigtigheid nodig ten opsigte van enige poging om die ontvangs van die seël van God op die voorhoofde in Openbaring 7 tot die onderhouding van slegs die Sabbat te beperk. Dit word nêrens uitdruklik verklaar dat onderhouding van slegs die Sabbat die seël van God is nie. Seëling in die Nuwe Testament dui baie duidelik die teenwoordigheid van die Heilige Gees in die mens se hart aan (2 Kor. 1:21; Ef. 1:13-14; 4:30).

Die basiese, antieke idee van seëling is eienaarskap. Seëling van mense in die Nuwe Testament beteken die identifisering van hulle wat God se getroue volk is. Seëling is iets wat plaasvind wanneer 'n persoon na Christus toe kom. Om deur die Heilige Gees verseël te wees is die teken van 'n ware Christen wat aan God behoort en die teken van die versekering van verlossing. Paulus verduidelik: **In wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.** - Ef. 1:13-14. **En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.** - Ef. 4:30. Ware Christene is hulle wat God as Sy eie volk herken. Dit word deur Paulus duidelik gemaak. **Die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat**

elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid. - 2 Tim. 2:19. Die seël van God bestaan uit die naam van God wat op die voorhoof geskryf is. Dit ondermyn in geen opsig die geldigheid van die Sabbat as die seël van die gebooe van God nie.

Alhoewel die kwessie in die finale krisis nie beperk is tot net die Sabbat nie, sal die Sabbat blykbaar "die lakmoes toets" van lojaliteit en gehoorsaamheid in die finale krisis wees. Wanneer in Openbaring 14:6-12 Johannes God se finale oproep aan die inwoners van die aarde beskryf, roep God hulle om die ware God, die Skepper, in die konteks van die vierde gebod te aanbid (Openb. 14:7; vgl. Eks. 20:11). Die aansporing van mense om die ware God met betrekking tot die Sabbatgebod te aanbid en die waarskuwing om nie die dier te aanbid en sy merk te ontvang nie, suggereer sterk dat die merk van die dier as die vervalsing van die Sabbatgebod funksioneer. Dat die ontvangs van die merk iets te doen het met die gebooe van God word verder bevestig met die slot teksvers; die aanbidders van God word gekarakteriseer as **hulle wat die gebooe van God en die geloof van Jesus bewaar** (14:12).

Dit blyk dat die merk van die dier die verbreking en ontheiliging van die gebooe van God is, terwyl die seël van God met hulle onderhouding te doen het. Dit suggereer duidelik dat in die finale krisis die gebooe van God as die standaard van lojaliteit aan God sal verrys. Soos die Sabbat die onderskeidende teken van gehoorsaamheid deur God se getroue volk is (vgl. Eks. 31:12-17; Eseg. 20:132,20), so is die merk van die dier, die mensgemaakte, vervalste sabbat [Sondag], 'n teken van gehoorsaamheid aan die dier.

Die sewe laaste plae (15-16:21)

Openbaring 15:1-8 skilder die voorbereiding vir die voltrekking van God se wraak op die goddeloses in die uitgooi van die sewe laaste plae. Voor die

voltrekking van die plaë sien Johannes die seëvierende heiliges waar hulle die groot verlossing vier, nadat hulle deur die finale krisis gegaan het (15:2-4). Dit skyn asof Openbaring 15:2-4 as die wegspring gedeelte funksioneer. Dit dien as die afsluiting van Hoofstukke 12-14, sowel as die inleiding tot die sewe laaste plaë. *En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het.*

'n Belangrike verskil bestaan tussen die Exodus-gebeurtenis en Openbaring 15-16. Terwyl in Exodus die lied, nadat die plaë oor Egipte uitgegooi was, kom en die Israëliete uit slawerny bevry was, is die lied van Moses en die Lam voor die manifestering van die sewe laaste plaë. Dit toon dat die positiewe element van verlossing in Openbaring 15-16 voor die negatiewe element van die oordeel kom. God se eindtyd volk verrys seëvierend uit die groot verdrukking, nadat hulle lojaliteit straf getoets is. **Hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.** - Openb. 7:14. Nou, net soos die volk van Israel die Here by die see geprys het na Hy hulle van die Egiptenare bevry het, so prys die verlostes God, omdat Hy hulle van die onheilige drietal en van hulle meelopers, wat hulle aanbid het, bevry het. Hulle bevryding en verlossing is die resultaat van wat Christus ter wille van hulle aan die kruis gedoen het.

Die lied van die verlostes prys **die Here God, die Almagtige** vir Sy **regverdige dade [wat] openbaar geword het** ter wille van Sy volk. Wat

hier aan die lig kom, is dat die verlose heiliges nie bewus is van enige van hulle eie prestasies of verdienstes nie. Die hele lied is omtrent die Almagtige God van die verbond, die groot Bevryder van Sy volk. Hy is die Een wat hulle beskerm en bewaar het gedurende die ure van hulle beproewinge en benoudhede en dit is Sy heerlikheid waarin hulle nou deel. Die verlose heiliges het hulle van Babilon en haar sondes afgeskei. Daarom het hulle nie van haar plaë ontvang nie (18:4).

† In Openbaring 15-16

Die doel van Openbaring 15-16 is om God se vooraf-bestemde plan vir die triomf van Sy getroue volk te openbaar. Die sewe laaste plaë word in Openbaring uitgebeeld as God se finale antwoord op die wraak van eindtyd Babilon in sy pogings om God se getroue volk te vernietig. Hoofstukke 15-16 skilder 'n duidelike prent van die gevolge wat die wêreld sal maai as 'n gevolg van die verlating/prysgee van die wet van God en Sy planne vir die mens. Die oortreding van die goddelike wet het die vernietiging van die oortreders tot gevolg. Paulus het geskryf: **Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.** - Gal. 6:7. Alhoewel Openbaring die einde as 'n reeks skrikwekkende gebeure skilder, sê Paulien: "Hierdie gebeure is onder die beheer van die Een wat baie omgee vir die menseras, Een wat die menseras so baie liefhet dat Hy gewillig was om daarvoor te sterf (Openb. 5:5-12)." - *What the Bible Says About the End-Time*, 149.

Die klimaks van die sewe laaste plaë is die slag van Armageddon. Belangrik vir 'n behoorlike verstaan van die ware karakter van die slag van Armageddon is die tussenpose van Openbaring 16:15. Midde-in die aanskoulike uitbeelding van die groot voorbereiding vir die slag van Armageddon, en reg voor die beskrywing van die finale slag, voeg Johannes 'n vooruitwaarskuwing en oproep van Jesus aan Sy kerk in: **Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie**

miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie (16:15). Die waarskuwing is ingevoeg vir die doel om 'n vaste versekering aan God se volk te voorsien soos hulle die finale misleiding in die gesig staar. Christus se eindtyd volgelinge sal in die middelpunt van die slag van Armageddon wees. Jesus dring by hulle aan om hulleself geestelik voor te berei en om getrou en gereed vir die kritieke gebeurtenis in hierdie wêreld se geskiedenis te wees.

Dit is van kritiese belangrikheid vir God se eindtyd volk om die ware karakter van die finale geveg te verstaan, sodat hulle hul daarvoor kan voorberei.

Christus se waarskuwing aan Sy eindtyd volk in Openbaring 16:15 toon duidelik dat die aard van die finale geveg waarin hulle betrokke sal wees nie 'n politieke of militêre geveg sal wees nie, maar eerder 'n teologiese en geestelike een. Dit is nie 'n konflik om ekonomiese belange nie. Hans La Rondelle verklaar: "Oorlogsvoorspellings van 'n suiwer sekulêre aard, los van Christus en die goddelike plan van verlossing, is nie deel van die Ou Testament se verbond-voorspellings of die Nuwe Testament se Armageddon-geveg nie. Yahweh se stryd was nooit 'n sekulêre, politieke stryd tussen nasies nie." Armageddon is die geveg om die verstand (en intellek) van elke mens op aarde. - *Armageddon : Sixth and Seventh Plaques*, 390. Paulus beskryf die aard van Christelike oorlogvoering: **Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.** - 2 Kor. 10:3-5.

Openbaring skilder die finale stryd as deel van die kosmiese konflik tussen Christus en Sy aartsvyand, die duiwel en Satan, wat die hele wêreld

verlei. - Openb. 12:9. Die opstoker van die slag van Armageddon is dieselfde Satan wat oorlog in die hemel veroorsaak het, dit daar verloor het en, in konstante frustrasie, **vertoorn** op die vrou, en hy het **weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die geboorte van God bewaar en die getuigenis van Jesus Christus hou.** - Openb. 12:17.

Christus se volgelinge benodig geestelike onderskeiding soos hulle die misleidings van die finale krisis in die gesig staan.

Armageddon is 'n stryd waarin AL die mense van die aarde trou aan òf God òf Satan moet gee. Die uiteindelijke kwessie betref wie God is, soos wat dit op berg Karmel was. Wat God op Karmel gedoen het, sal Hy weer eens in die finale geveg doen; hy sal die seëvierende oorwinning oor die onderdrukker van Sy volk behaal.

† In Openbaring 18

Een doel van Openbaring 16-18 is om God se verdrukke volk dwarsdeur die Christelike geskiedenis te voorsien van 'n vaste versekering dat hulle onregverdige lyding tot 'n einde sal kom en dat God Sy en hulle vyande sal oordeel (vgl. Openb. 18:6,20,24; 19:2-3). Die slegte nuus vir die vyande van God is goeie nuus vir God se verdrukke volk. Vir hulle beteken die vernietiging van Babilon gewaarborgde bevryding van lyding en verdrukking. Die toekoms mag vaag en onseker wees en die beskrywing van die finale gebeure vreesaanjaend, nogtans is Hy in beheer. Hy sal die vyande van die evangelie regverdig oordeel en die koninkryk van ewigdurende vreugde aankondig.

Die aankondiging van Babilon se val, is 'n sterk wekroep tot God se volk om persoonlike identifisering met enige godsdienstige sisteem, wat nie in lyn met die evangelie is nie, te verbreek. Baie opregte mense weifel [is

besluiteloos] in Babilon om verskillende redes. Hulle mag mislei wees deur 'n **gedaante van godsaligheid** (2 Tim. 3:5), wat in baie godsdienstige sisteme aan die orde van die dag is. Sommige godsdienstige sisteme kan die naam van Christus aanvaar en gebruik en selfs in die Gees verheug wees, en nogtans kan dit sisteme wees wat hulle krag van benede kry. Sommige is in Babilon sonder dat hulle hiervan bewus is. Ander dink dat hulle nie in Babilon is nie, en nogtans mag hulle met hom vereenselwig word. 'n Persoon kan teen Babilon praat, en die naam van Christus aanvaar en nogtans die merk van die dier op die voorhoof hê (vgl. Matt. 7:21). Om lid te wees van 'n groep wat die ware evangelie leer, waarborg nie dat jy aan God se kant is nie. Die oproep van genade aan elke Christen is om deur die Woord van God die godsdienstige sisteem waaraan hy of sy behoort te ondersoek en te toets.

Die gevolgtrekking van die verkondiging van die evangelie is God se eindtyd oproep aan die bewoners van die aarde om na Hom toe te kom en om te ontkom aan wat op die punt staan om met Babilon en haar aanbidders te gebeur: **Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie.** - Openb. 18:1-4. Soos Openbaring 19:1-10 aantoon, sal baie op hierdie weskroep reageer.

Die Bruilofsmaaltyd van die Lam (19:1-10)

En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof. Die koms van die bruidegom hier onder bespreking, vind plaas voor die bruilof. Die bruilof stel Christus se ontvangs van Sy koninkryk voor. Die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, wat die hoofstad van die koninkryk is, word genoem die bruid, die vrou van die Lam. Die engel het aan Johannes gesê: **Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam. En hy het my weggevoer in die gees, sê Johannes, en my die groot stad getoon, die heilige Jerusalem, wat uit die hemel van God neerdaal.** - Openb. 21:9,10. Dit is dus duidelik dat die bruid die heilige stad voorstel

en die jong meisies wat uitgaan om die bruidegom te ontmoet is 'n beeld van die kerk. Christus, soos deur die profeet Daniël verklaar, sal van die Oue van dae in die hemel **heerskappy en eer en koningskap** ontvang. Hy sal die nuwe Jerusalem, die hoofstad van Sy koninkryk, ontvang **toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is**. - Dan. 7:14; Openb. 21:2. Nadat Hy die koninkryk ontvang het, sal Hy na die aarde terugkom in heerlikheid as Koning van die konings en Here van die here om Sy volk te verlos wat **saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele** by die bruilofsmaal van die Lam. - Matt. 8:11.

In die gelykenis van Mattheüs 22 word dieselfde beeld van 'n bruilof gebruik en daar word die ondersoekende oordeel voorgestel as 'n werk wat voor die bruilof plaasvind. Net voor die bruilof kom die koning die gaste ondersoek (Matt. 22:11), om te sien of almal die bruilofskleed aan het, naamlik die vlekkelose kleed van karakter, gewas en wit gemaak in die bloed van die Lam. (Openb. 7:14.) Die een wat sonder die bruilofskleed aangetref is, is uitgewerp, maar almal wat die bruilofskleed aangehad het, is deur God aangeneem en waardig geag om 'n deel in Sy koninkryk te hê en om op Sy troon te sit. Hierdie werk van die ondersoek van die karakter of die vasstelling wie almal gereed is vir die koninkryk van God, stel die ondersoekende oordeel voor, die sluitingswerk in die heiligdom daarbo.

Wanneer die ondersoekingswerk klaar is, wanneer die lewens van almal wat deur die eeue heen bely het dat hulle navolgers van Christus was, ondersoek is, dan, en nie voor daardie tyd nie, sal die genadetyd sluit en die genadedeur toegaan. In daardie een kort sinnetjie: **En die wat gereed was, het saam met Hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit**, word ons gebring tot die einde van die Heiland se laaste bediening en tot die tyd wanneer die werk vir die verlossing van die mense voleindig is.

† In Openbaring 19

Openbaring 19 gee vir God se getroue volk, wat ontbering en lyding in 'n vyandige wêreld ervaar, die versekering dat die kosmiese drama sy einde nader. Dit is die bruilofsmaal van die Lam - eerder as die finale geveg - wat die fokus van die hele boek van Openbaring is. Die bruilof kom nader en voorbereidings moet gemaak word. Die hemel is in die proses van voorbereiding vir dié langverwagte en volledige vereniging tussen Christus en die Kerk, terwyl die Kerk haarself voorberei om gereed te wees vir dié langverwagte dag. Die salige hoop wat ons het, inspireer ons om ernstig te wag vir die spoedige koms van die bruilof en om gereed te wees om Hom, wat die fokus van die hele inhoud van Openbaring, sowel as die hele Bybel self, te ontmoet. **En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is. - 1 Joh. 3:3. Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring. - 2 Kor. 7:1.**

† In Openbaring 22

Openbaring was nie geskryf vir die doel om die leser in te lig omtrent finale gebeure, sodat hy sy nuuskierigheid omtrent die toekoms kan bevredig nie. Die boek begin en eindig met die versekering van die teenwoordigheid van Jesus Christus met Sy volk dwarsdeur die verloop van die geskiedenis tot op die heel laaste tyd van die einde.

Ten slotte

Die doel van Openbaring is bo alles om God se volk voortdurend te herinner, soos hulle verdrukking en ontbering ly, om nie na die dinge van die wêreld te kyk nie, maar om hulle oë op Hom, wat hulle enigste hoop is, te vestig. Die boek is nie slegs 'n openbaring omtrent die gang van die

geskiedenis of finale gebeure nie, maar eerder omtrent die teenwoordigheid van Jesus Christus met Sy getroue volk gedurende die gang van die geskiedenis en die finale gebeure. Die Christus van die boek Openbaring is die antwoord op al die mens se verwagtinge (hoop) en verlangens en begeertes te midde van die raaisels en onsekerhede van die lewe. Hy is die Een wat die toekoms hou.

Die boek Openbaring is bedoel om God se volk dwarsdeur die geskiedenis te herinner dat hierdie wêreld nie hulle tuiste is nie. Soos Christene deur die ontberinge van die lewe gaan, terwyl hulle verdrukking en heftige teenkanting ondervind, as gevolg van hulle lojaliteit aan Christus en die evangelie, moet hulle in gedagte hou dat hulle nog nie tuis is nie. Die dag is egter aan die kom wanneer hulle tuis verwelkom sal word. Almal in die hemel sal daar wees om hulle te verwelkom.

Ja, Inderdaad, Kom, Here Jesus!

2.Ranco Stefanovic: *Revelation Of Jesus Christ*.

DEUR VUUR BEPROEF 3*

Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. - Mal. 3:2.

As jy die drie Hebreërs, Sadrag, Mesag en Abednégo, enigiets omtrent die krag van God sou kon vra, sou hulle gesê het: "Hy is in staat." Maar hoekom moet ons onself met verhale van die verlede, wat ons as kinders geleer het, bemoei? Omdat, "belangrik is die lesse om te leer van die ervaring van die Hebreëuse jeugdiges op die vlakte van Dura. In ons dag sal baie van God se diensknegte, alhoewel onskuldig aan verkeerd doen, oorgegee word om vernedering te ly en mishandeling aan die hande van diegene wat, deur Satan geïnspireer, met afguns en godsdienstige

dweepsug vervul is. **In besonder sal die toorn van mense teen diegene wat die Sabbat van die vierde gebod heilig hou opgewek word en laastens sal 'n universele dekreet hulle tot die dood veroordeel.**

Die tyd van benoudheid wat vir God se volk voorlê, sal 'n geloof vereis wat nie weifel nie. Sy kinders moet dit bekendmaak dat Hy die enigste voorwerp van hulle aanbidding is en dat geen oorweging, selfs nie eens die van eie lewe nie, hulle kan oorhaal om die minste toegewing tot vals aanbidding te maak nie. Aan die lojale hart sal die gebooi van sondige, verganklike mense in onbeduidendheid naas die Woord van die ewige God wegsink. Die waarheid sal gehoorsaam word, hoewel die resultaat gevangenis of verbanning of die dood is.

Soos in die dae van Sadrag, Mesag en Abednégo so sal in die sluitingsperiode van die aarde se geskiedenis die Here magtig werk ter wille van diegene wat steeds rotsvas vir dit wat reg is, gestaan het. Hy wat saam met die Hebreuse jongelinge in die vuuroond gewandel het, sal met Sy volgelinge wees waar hulle ook al is. Sy inwonende teenwoordigheid sal hulle vertrous en onderhou. Midde-in die tyd van benoudheidbenoudheid soos daar nog nooit voorheen was nie - sal Sy uitverkorenes onbeweeglik staan Engele wat in sterkte oortref, sal hulle beskerm en ter wille van hulle sal Jehovah Homself as 'n 'God van gode', wat in staat is om tot die uiterste diegene te red wat hulle vertrou in Hom gestel het, openbaar." - *Prophets and Kings*, 512,513.

Ons grote God sal ons vir daardie dag voorberei en ons beskerm en voorsien as ons nou leer om Hom te vertrou en gewillig is om Sy gebooi te gehoorsaam.

Ek glo Hy is in staat

Dit is baie opwindend om die verhaal van die Bybel in oënskou te neem. Ons weet dat Hy in staat was om van Goliat ontslae te raak; die drie jongmense uit die vuuroond te red en Daniël uit die leeukuil, maar is Hy in staat om my en jou te vertroos, bemoedig en beskerm?

As Jesus in staat was om die aarde te skep, is Hy in staat om in my 'n nuwe hart te skep. *Hy is in staat.*

As Jesus in staat was om 'n reus te verslaan, is Hy in staat om vir die reuse in my lewe te sorg. *Hy is in staat.*

As Jesus 'n demoon-besetene kon genees, is Hy in staat om my van my oorgeërfde en aangeleerde neigings tot die kwade te genees. *Hy is in staat.*

As Jesus tot die uiterste toe kan red, is Hy in staat om my te red. *Hy is in staat.*

As Jesus in staat is om met Sy volgelinge in die vuur te wandel weet ek Hy is in staat om oral met my te gaan. *Hy is in staat.*

In sy laaste brief vertel Paulus vir die jong Timotheüs van die hoop wat hy in Jesus en die evangelie het. **Ek weet in wie ek geglo het, en ek is oortuig dat Hy mag het om my pand te bewaar tot dié dag toe.** - 2 Tim. 1:12.

Hy sluit sy brief af met die woorde van vertroue en hoop: ***Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal***

gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het. - 2 Tim. 4:6-8.

Hy is in staat!

3. G. Edward Reid: *Are You Ready or Not*, 177-188.

DIE GROOT TYD VAN BENOUDEID SOOS DEUR CHRISTUS SE BRUID ONTHOU 4*

Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die Here Here is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword.

En julle sal water skep met vreugde uit die fonteine van heil.

Juig en jubel, o inwoners van Sion! Want die Heilige van Israel is groot in julle midde. - Jes. 12:2,3,6.

Hoe sal God se volk die wêreld se grootste tyd van benoudheid in die ewigheid onthou? Sal dit vergeet wees? Of sal dit gevier word? Na die uittog uit Egipte dien dié redding as 'n konteks vir al God se handeling in die Ou Testament. Dit was 'n hoogtepunt in Israel se musiek en lofprysing. Op 'n soortgelyke wyse sal ons vir ewig Christus se reis deur die grootste tyd van benoudheid ter wille van ons, in ons plek, onthou. Hy wat geen sonde geken het nie, het sonde vir ons geword en het Sy Jakob- se-tyd-van-benoudheid, maar veel erger, in Getsemané gehad. Satan en sy vriende het met 'n doodsdekrete opgedaag en het Hom vermoor net omdat Hy aangebied het om in ons plek te sterf. Toe het Hy triomfantlik deur die opstanding verskyn. Daardie grootse gebeurtenis was ons eksodus, in Hom, van sonde tot verlossing.

Daardie opstandingsgebeurtenis het die konteks vir al Christus se werke in die Nuwe Testament geword. So eksodus en opstanding vertoon groots

oor albei Testamente as die konteks waar binne alles geïnterpreteer moet word. Eksodus en opstanding is bepalende gebeure waardeur Christus beslissend die res van die geskiedenis na hulle beïnvloed het. Die Christus van eksodus en opstanding bring Sy bruid deur die finale eksodus in die eindtyd. Sal die finale eksodus deur die finale gebeure net so belangrik vir die ewige, onmeetlike tydperke wees? Ek glo dit sal. Laat ons daarvoor nadink.

Daniël 12:1 praat sowel van die grootste tyd van benoudheid, asook verlossing ooit. Dit lyk of baie die eerste onthou en die tweede vergeet. Die goeie nuus van Daniël 12 verskyn in die groot redding en nie in die grootste tyd van benoudheid nie. Maar hoe weet ons dat die redding die benoudheid wat verduur is ver oortref? Verseker, die beloning om met Christus in die benoudheid te wees, oortref enige verbygaande tyd van benoudheid verreweg. Maar die belangrikste is hoe diegene wat deur die proeftyd van benoudheid hulle ondervinding evalueer. Want na alles is dit gesaghebbender as enige ander skatting.

Openbaring gee die antwoord op hierdie vraag. Christus staan met Sy eindtyd bruid op berg Sion (Openb. 14:1). Interessant, in die Ou Testament was berg Sion 'n plek van redding. Byvoorbeeld, **Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Op Sionsberg en in Jerusalem sal daar uitkoms wees.** - Joël 2:32, Miga 4:6-8. In die Nuwe Testament is Sionsberg in die hemel. Byvoorbeeld, **Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem.** - Hebreërs 12:22. Hierdie Skrif beeld Christus se eindtyd bruid as staande met Christus in die hemel, of gedurende die millennium of in die ewigheid. Sy bruid **volg die Lam waar Hy ook al gaan.** - Openb. 14:3.

Niemand anders kan daardie lied sing nie, want dit is die lied van hulle ervaring - 'n ervaring wat geen ander groep nog ooit gehad het nie. Dit is omdat dit 'n lied sal wees omtrent wat hulle deur die groot tyd van benoudheid deurgemaak het. Openbaring 15 teken die lied aan. Let op die fokus: *Groot en wonderbaarlik is u dae, Here, God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelswyse regverdig is* (verse 3,4). Dit vermeld niks van die gevare van die groot tyd van benoudheid nie. Die lied konsentreer uitsluitlik op Jesus en Sy magtige dae gedurende daardie tyd.

Nou, omdat God se eindtyd volk dit in die millennium en verder sing, moet dit ons iets omtrent die ervaring van die grootste tyd van benoudheid vertel. Dit verklaar dat indien dit die moeite werd is om oor te sing so lank nadat dit gebeur het, moet dit die moeite werd wees om daardeur te gaan.

Verseker juig die lied in die reddingsdeel van Daniël 12:1, eerder as die grootste tyd van benoudheid se deel. Wanneer ons daarna uit die perspektief van die redding kyk, is die tyd van benoudheid die moeite werd, want dit is wat Christus vir Sy bruid doen eerder as oor wat Sy bruid vir Hom doen.

Kyk na die ander kant

Ek het eens die storie van 'n vrou, wat baie borduurwerk doen, gehoor. Eendag het 'n vriendin haar besoek en begin kla oor al die beproewinge wat sy ly. Die vrou het haar vriendin die agterkant van die stuk, wat sy besig was om te borduur, gewys en haar gevra of sy nie dink dit is 'n pragtige stuk werk nie. Haar vriendin het gesê: "Nee, dit is aaklig!" Die vrou het

toe die borduurwerk omgedraai en haar vriendin die voorkant gewys. Dit was pragtig.

Dit is maklik, in hierdie lewe, om die tyd van benoudheid van die agterkant te beskou. God wys dit doelbewus aan ons, omdat ons dit moet weet. Ek is egter bly dat Hy ons ook glimpse van die voorkant gee. Ek wil graag hierdie boek afsluit met 'n pragtige beeld van Openbaring wat God se volk in die hemel na die tyd van benoudheid toon:

En ek het gesien iets soos 'n see van glas, gemeng met vuur. En die oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam, het ek by die see van glas sien staan, met siters van God. En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges! Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? Want U alleen is heilig; want al die nasies sal kom en voor U aanbid, omdat u regverdige dade openbaar geword het. - Openb. 15:2-4.

Hierdie woordbeeld gee ons 'n dowwe glimps van die onuitspreeklike blydskap van die hemel. Maar let daarop dat diegene wat God vrolik lofprys, is in staat om dit te doen, omdat hulle **oorwinnaars oor die dier en oor sy beeld en oor sy teken, oor die getal van sy naam** was. Diegene wat eendag hierdie lied in die hemel sal sing, sal hulle wees wat op hierdie aarde geleer het om Jesus gedurende die mees traumatiese beproewing, wat Christene ooit in die gesig moes staar, te vertrou. Dit is hoekom hulle dan in staat sal wees om met sulke uitbundige vreugde te sing.

Ek wil deel van daardie groep wees. Wil jy ook?

4. Norman Gulley: *Christ is Coming*, 535/6.

DIE KERK OORWINNEND 5*

*E*ndag sal alles verby wees. Die laaste preek sal gegee wees. Die laaste evangelisasiebyeenkoms gehou. Die laaste Bybelstudie gedeel. Die laaste karakter ontwikkel. Die genadedeur sal sluit en almal sal 'n besluit vir of teen om deel van die koninkryk van God te wees geneem het. Johannes het 'n groot groep, wat die eersgenoemde groep teen die einde van die tyd insluit, gesien en selfs gehoor. Hy sê: *En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar. Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou [die Kerk] het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink, fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.* - Openb. 19:6-8.

Ten spyte van wat ons nou hier sien, kan ons deur die oog van die geloof sien dat 'n beter wêreld binnekort kom. "Nou is die Kerk strydend. Nou word ons met 'n wêreld in duisternis gekonfronteer - bykans geheel en al aan afgodediens oorgegee. Maar die dag is aan die kom wanneer die stryd verby sal wees, die oorwinning verkry. Die wil van God moet op die aarde soos in die hemel geskied. Die gereddes van die nasies sal geen ander wet as die wet van die hemel ken nie. Almal sal 'n gelukkige, verenigde familie, geklee met die kleed van lofprijsing en danksegging - die kleed van Christus se geregtigheid - wees. Die natuur, in sy onoortreflike prag, sal aan God 'n huldeblyk van lofprijsing en bewondering bied. Die wêreld sal in die lig van die hemel gebaai wees. Die lig van die maan sal soos die lig van die son wees en die lig van die son sal sewevoudig helderder wees as nou. Die jare sal in blydschap verbygaan. Oor dié toneel sal die môresterre saamsing en die seuns/dogters van God sal van blydschap sing, terwyl God

en Christus verenig om te verklaar: Daar sal geen sonde meer wees nie, ook sal daar geen dood meer wees nie". - *The Ministry of Healing*, 504.

Almal wat deel van die Kerk oorwinnend is, sal self individueel oorwinnend wees. So wat is vir 'n individuele oorwinning nodig?

1. *Ontwikkel en behou geloof in God. En dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof.* - 1 Joh. 5:4.
2. *Hou jou oog op die prys. Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.* - Fil. 3:14.
3. *Gebed en kameraadskap met God. En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.* - Matt. 21:22.
4. *God se genade en ons poging. Ons is uit onself nie in staat om die regte koers te volg nie. Dit is slegs die genade van God, met ons mees vasberade pogings gekombineer, wat ons die oorwinning kan behaal.*
5. *Neem 'n besluit om oorwinnend te wees. Die oorwinning kan behaal word, want niks is by God onmoontlik nie. Deur Sy instaatstellende genade kan alle slegte humeure, alle menslike verdorwenheid oorwin word. Jy kan as jy wil in die naam van Christus 'n oorwinnaar wees.*
6. *Wy alles aan God toe. Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n skat wat verborge is in die saailand, wat 'n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het en koop daardie saailand.* - Matt. 13:44.
7. *Wees gewillig om te ly. En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word.* - 2 Tim. 3:12.
8. *Verenig Goddelike krag met jou poging. Dit is nie ons hemelse Vader se doel om ons te red sonder 'n poging van ons kant om met*

Jesus saam te werk nie. Ons moet ons deel doen, en Goddelike krag, met ons krag verenig, sal die oorwinning bring.

9. *Wees gewillig en gehoorsaam. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet.* - Jes. 1:19.
10. *Weerstaan die duiwel. Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.* - Jak. 4:7. Satan sidder en vlug voor die swakste siel wat in daardie magtige Naam skuiling soek.

Daar is geen verborge misterie tot die verkryging van ons oorwinning nie. En ja, daar sal 'n groot menigte wees wat oorwinnend is. Natuurlik sal dit min in verhouding tot die biljoene, wat op die aarde geleef het, wees. Maar, deur die genade van God, sal die oorwinnaars einde ten laaste op die see van glas staan. Daardie dag kan nie meer ver wees nie.

'n Menigte in die wêreld aanskou hierdie spel van die lewe - die Christen se stryd. En dit is nie al nie. Die Monarg van die heelal en die ontelbare hemelse engele is toeskouers van hierdie wedloop; hulle wag gretig om te sien wie sal suksesvolle oorwinnaars wees en die kroon van heerlikheid, wat nie verwelk of verflou nie, wen. Met intense belangstelling let God en die hemelse engele op die selfverloëning, die selfopoffering en die folterende pogings van hulle wat hul verbind om die Christelike wedloop te hardloop en te wen.

5. G. Edward Reid: *Battle of the Spirits*, 239-241.

WIE LEI MY?



As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan; kyk, dit het alles nuut geword. – 2 Kor. 5:17.

*H*ier is 'n toets wat jou kan help. Gaan na 'n stil plek, weg van alle steurnisse, strek jou hand uit en vra, probeer om volkome eerlik met jouself te wees: Wie of wat lei my? Wie of wat hou hierdie hand en bepaal die koers van my lewe?

In die wonderlike klein boekie *Skrede na Christus* is 'n paar vrae wat baie indringend is: "Aan wie behoort die hart? Waar is jou gedagtes? Van wie praat jy graag? Met wie deel jy jou liefde en vir wie doen jy die beste werk? As ons aan Christus behoort, sal ons aan Hom dink en ons soetste gedagtes sal van Hom wees. Al wat ons het en is, sal aan Hom toegewy wees. Ons sal verlang om Sy beeld te weerkaats, Sy gesindheid te hê, Sy wil te doen en Hom in alles te behaag (p. 49).

Gebruik 'n rukkie om jouself hierdie vrae te vra. Natuurlik mag jy alreeds die antwoord weet, maar is jy gewillig om dit aan jouself en God te erken?

Jy mag hiermee 'n paar keer al geworstel het, maar die Heilige Gees gee ons krag om van leiers te verander en God toe te laat om werklik ons lewens te lei.

OPSOMMEND EN GEVOLGTREKKING EN WAT SÊ DIT VIR ONS VAN JESUS

In Openbaring 21:21 staan: **En die twaalf poorte was twaalf pêrels; elkeen van die poorte was een pêrel.** Afgesien daarvan dat dit baie mooi en kosbaar is, verteenwoordig dit vir die pêrels lyding. Hulle word gevorm wanneer 'n sandkorrel in 'n ongelukkige oester se skulp kom. Die ongelukkige oester bedek die sandkorrel met 'n melkagtige stof wat, wanneer dit verhard, 'n pêrel vorm. Die irritasie prikkel die oester om iets waardevols te produseer.

Almal wat die nuwe Jerusalem binnegaan, het beproewings verduur. Hulle is name genoem, gespot en selfs gedood as gevolg van hulle toewyding aan Christus. Maar lewe in die nuwe wêreld is meer as genoeg vergoeding vir die lyding. Soos iemand geskryf het hoe ons sal voel wanneer ons daar is: Ons sal probeer om ons grootste beproewings in herinnering te roep, maar hulle lyk so klein in vergelyking met die alles oortreffende en ewige gewig van heerlikheid wat ons omring en wat ons nie kan uitspreek nie en ons sal uitroep: Halleluja!

Openbaring 21 wys vir ons dat Jesus graag met Sy volk wil wees. Hy het 'n nuwe plek geskep waar Hy in ons midde kan woon. Die herhaalde verwysings daarna dat die stad altyd in al vier rigtings oop sal wees en die pragtige verskeidenheid edelstene simboliseer albei dat Jesus ons liefhet, maak nie saak wie ons is nie.

Johannes se liggaam het van sy ouderdom getuig en wat hy gely het soos hy Jesus getrou gedien het. Die Here het Sy dissipel 'n glimps van die

nuwe aarde gegee om hom met hoop te vul sodat hy kan volhard. Jesus wil hê dat ons ook moet volhard.

Die groot stryd is verby. Sonde en sondaars bestaan nie meer nie. Die ganse heelal is skoon. Een polsslag van harmonie en blydschap pols deur die eindelose skepping. Van Hom wat alles geskep het, vloei lewe en lig en blydschap dwarsdeur die realms van die onmeetbare ruimte. Van die kleinste atoom tot die grootste wêreld, alle dinge, lewend en leweloos, in hulle skadulose prag en volmaakte blydschap, verklaar dat God liefde is. - *The Great Controversy*, p.678.

Die boek Openbaring verwittig ons dat ons moeilike omstandighede in hierdie lewe sal ervaar. Die Bybel suggereer nêrens dat ons 'n beproewing vrye bestaan kan verwag nie. Jesus verberg nie die werklikheid van die mens se geskiedenis en van ons toekoms nie. Maar Hy belowe ons dat pyn uiteindelik sal eindig. Die feit dat Hy hierdie tema verskeie kere in die bladsye van die profesieë herhaal, beklemtoon hoe belangrik dit is dat ons dit besef. Ons lewens is met so baie verwarring en ontmoedigings gevul, dat dit maklik is om die hoop wat ons het te vergeet. Spandeer tyd in die boeke van die profesieë wanneer jy voel dat God die mensdom vergeet het of dat Hy jou vergeet het. Hierdie boeke sal jou perspektief verskerp en jou geloof verfris.

Jesus was altyd in beheer van gebeure op aarde - en Hy sal voortgaan om al die pad in beheer te wees. Ten spyte van die vervolgings en beproewings wat die bese magte oor die regverdiges bring, kom Jesus oorwinnend na vore en so sal Sy volk. Baie mense is vreesbevange oor die trompette en die plaë wat in Openbaring 16 beskryf word. Hulle steek vas by die oordele wat die goddeloses sal ly en verloor die hoop, wat Jesus vir diegene wat Hom liefhet bedoel, uit die oog.

As jy jou geloof en hoop wil versterk, probeer die volgende: Kry 'n merkpen in die kleur wat jy nog nie in jou Bybel gebruik het nie (bv. groen omdat God Sy volk met groen gras en bome vergelyk) en merk die verse wat van God se beskerming spreek (soos Openbaring 9:4). Elke keer wat jy Openbaring lees en die groen merke sien, sal hulle jou herinner om nie hoop te verloor nie, maar om in plaas daarvan gerusstelling en bemoediging in Jesus se liefde en beskerming te vind. Terwyl die geskiedenis van die trompette vir hulle buite God se familie skrikwekkend is, bring dit visioene van die hemel vir hulle in God se familie, omdat hulle weet Jesus kom binnekort.

Openbaring openbaar die barmhartigheid van Jesus. Barmhartigheid beteken nie om iemand iets te gee wat hulle verdien nie. Indien dit barmhartigheid was, sou Jesus al lank gelede die mensdom uitgewis het. In plaas daarvan is barmhartigheid liefde wat aan die onwaardiges bewys word. Omdat Jesus barmhartig is, werk Hy deur omstandighede om mense wakker te skud, sodat hulle vir Sy wederkoms gereed kan wees. Openbaring toon Hom hoe Hy herhaaldelik probeer om selfs tot die hardkoppigste mense deur te breek, omdat Hy hulle liefhet.

Terwyl niemand van vervolging of die gedagte om enigiets te ly hou nie, sê die Bybel baie duidelik dat as ons ons vertrou en hoop in Jesus plaas, sal Hy ons help. Let, byvoorbeeld, op die sendbrief van Judas 24, 25: **Aan Hom nou wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid! Amen.** Mag jy Jesus kies en mag Hy jou die sterkte en moed gee om vir die waarheid in die eindtyd te staan.

Ons het gesien dat dit gedurende die vervolging en plaeg van die eindtyd is dat Jesus kom om Sy volk te red. Openbaring 19 begin met 'n visioen van die vreugde wat die hemel sal vul wanneer die langdurige konflik finaal

beeindig is. Dit is so seker dat God die profesieë, wat die hoop van Sy volk is, sal vervul dat die visioen dit uitbeeld asof dit alreeds gebeur.

Die sekerheid dat God die bese sal verwoes en Sy volk sal red, behoort ons te motiveer om lofliedere vir Hom te sing.

'n Bruilofstema volg die lofprijsing waarmee Hoofstuk 19 begin: **Halleluja, die heil en die heerlijkheid en die eer en die krag aan die Here onse God!** Hulle wat op die waarskuwings in Openbaring 14 en 18 ag geslaan het en die uitnodiging om Jesus, eerder as mensgemaakte gode, te aanvaar word versamel om 'n fees in die hemel te geniet.

Die bruilofsmetafoor word gevolg deur 'n helder beskrywing van Jesus as 'n militêre Hero wat op die toneel verskyn om Sy volk te red en die goddeloses te verdag.

Somtyds kan dit moeilik wees om Jesus te midde van al die grusame beeldspraak van die laaste hoofstukke van Openbaring te sien. Ons moet egter onthou dat dit Jesus was wat die visioene van Openbaring aan Johannes gegee het en alles in hierdie boek wys na Jesus. Openbaring 20 sê vir ons dat Jesus getrou Sy beloftes gestand sal doen - insluitend Sy pragtige belofte om almal wat in Hom glo te neem om vir ewig hy Hom te wees.

Laastens kyk ons na Openbaring 22: 12-13: **Kyk, Ek kom gou, en My loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, die eerste en die laaste.**

"Johannes verdwyn nou blykbaar van die toneel. Die gevolgtrekking behoort aan Christus. Weer eens herinner Christus vir Johannes en die lesers van Openbaring aan Sy spoedige wederkoms: **Ek kom gou.** Hy bring Sy beloning saam met Hom en Hy sal **elkeen vergeld soos sy werk sal wees.** Die verklaring beklemtoon wat in Openbaring 1:7-8 gesê word.

Dit is ook bykans 'n herhaling wat Jesus vir Sy dissipels in Matt. 16:27 gesê het, dat wanneer Hy in die heerlijkheid van Sy Vader kom, **dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade**. Hierdie verklaring word dikwels deur Paulus herhaal: **Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad**. - 2 Kor. 5:10. (Vgl. ook Rom. 2:6; 14:12). Dit dui nie daarop dat 'n persoon deur werke gered word nie. Elders in die boek stem Johannes saam met die duidelike lering van die Nuwe Testament dat verlossing God se geskenk is (vgl. Openb. 7:10,14). Terwyl verlossing uit genade is, is die oordeel, intendeel, volgens werke. Die werke is die sterkste getuigenis/bewys van iemand se verlossing en verhouding met Christus. Ons verlange om Christus te ontmoet sal ons besiel/aanspoor om reg te leef." - Ranco Stefanovic: *Revelation of Jesus Christ*, 607.

Die laaste boek van die Bybel is 'n grootse openbaring van Jesus en is deur die Heilige Gees geïnspireer. Die sentrale nadruk van Openbaring is dat deur die bloed van Jesus en die krag van die Heilige Gees, jy 'n oorwinnaar kan word en oorwinning oor elke lewenskrisis kan hê. Wanneer die geruite vlag val, kan jy aan die wenkant van al die neigings tot die kwade/verkeerde binne-in jou of die aanslae van die bose rondom jou wees. Openbaring openbaar God se "oorblyfsel" as wenners aan die einde.

Jesus is ons Hero. Hy het genadiglik ons na Sy bruilof uitgenooi en Hy sal ons die sterkte gee om meer soos Hy te word, selfs terwyl ons op Sy koms en die verdwyning van die goddeloses wag. Intussen moet ons Sy uitnodiging na die bruilof aanvaar. So, sing 'n bietjie harder in die kerk en lofprys Hom vir die versekering dat Hy sal doen wat Hy belowe het.

Hoe die bestudering van God se Woord jou van hier af ook al mag lei, is my gebed dat jy voortdurend 'n helderder beeld van Jesus sal kry en hoe baie Hy jou liefhet en vir jou sorg en sal sorg. **Amen, ja kom, Here Jesus!**